

Deur Christus alleen

Reeks preke oor Galasiërs

Dr AH Bogaards

Inhoud

Deur Christus alleen	1
Reeks preke oor Galasiërs.....	1
Dr AH Bogaards	1
Galasiërs nr 1	4
Teks: Galasiërs 1:1-5 (Galasiërs nr.1)	4
Galasiërs nr 2	10
Teks: Gal.1:6-9 (Galasiërs nr.2).....	10
Galasiërs nr 3	16
Teks: Gal.1:11-12 (Galasiërs nr.3).....	16
Galasiërs nr 4	22
Teks: Gal.2:1-10 (Galasiërs nr.4).....	22
Galasiërs nr 5	27
Teks: Gal.2:11-16	27
Galasiërs nr 6	32
Teks: Gal.2:17-21 (Galasiërs nr.6).....	32
Galasiërs nr 7	36
Teks: Gal.3:1-9 (Galasiërs nr.7).....	36
Galasiërs nr 8	41
Teks: Gal.3:10-14 (Galasiërs nr.8).....	41
Galasiërs nr 9	45
Teks: Gal.3:15-29	45
Galasiërs nr 10	50
Teks: Gal. 3:26,27,29; 4:1-7	50
Galasiërs nr 11	55
Teks: Gal.4:21-31	55
Galasiërs nr 12	60
Teks: : Gal.5:16, 24-25	60
Galasiërs nr 13	65
Teks: Gal.6:11, 14.....	65

Galasiërs nr 1

Lees: Galasiërs 1

Teks: Galasiërs 1:1-5 (Galasiërs nr.1)

Datum: 31 Oktober 2010

Psalms: 46:1; 89:6; 139:1; 32:1,3

1. Inleiding

20 Junie 1505 – êrens in Duitsland hardloop 'n jongman om by sy bestemming, die dorpie Erfurt, te kom. Hy het alle rede om te hardloop so wat hy kan: Donker onweerswolke is besig om saam te pak. Gou-gou, gou-gou is die lug heeltemal toegetrek met donker wolkgevaartes. 'n Hewige donderstorm breek los. Bliksemstraal op bliksemstraal deurklief die inkswart hemel. Hy is alleen. 'n Verlamme ang oorweldig hom: Wat sal gebeur as hy nou moet sterf? Hy kan God nie ontmoet nie - God die regverdige, maar streng Regter. Daarvoor is hy veels te sondig. Opeens is daar 'n verblindende weerligstraal, gevolg deur 'n donderende slag. Naby hom slaan die weerligstraal in. In doodsangs skreeu die student: "Help my, heilige Anna! Ek sal 'n monnik word!"

Wie is hierdie man? Sy naam is Maarten Luther, 'n jong regsstudent. 'n Paar dae na die voorval sluit hy hom inderdaad by 'n klooster aan. Maar waarom doen hy **dít**? Met sy goeie werke wou hy sy saak met God regmaak. So het hy gehoop dat hy die donker wolke van God se oordeel oor hom kon laat opklaar. Maar die onweer het nie verbygetrek nie! Inteendeel, hoe harder Luther probeer het om heilig te lewe, des te meer het hy bewus geword van sy onheiligheid, dat hy die oordeel van God verdien. Tot op 'n dag, daardie dag toe hy tot die heerlike ontdekking gekom het: Die mens word nie voor God regverdig deur goeie werke nie, maar deur die geloof alleen.

Regverdiging deur die geloof alleen – dit was dié groot ontdekking van die Reformasie. Nie deur **ons werke** nie, maar enkel en alleen deur **die werk van Christus**, nie deur ons inspanning nie, maar slegs deur die geloof in wat Hy gedoen het, word ons gered van die brandende toorn van God.

Regverdiging deur die geloof alleen – dit is óók die groot boodskap van Galasiërs. Is dit dan 'n wonder dat Luther so lief was vir hierdie brief? Dat hy daarvan sê: "Die brief aan die Galasiërs is my (gunsteling) brief. Daarmee is ek getroud. Dit is my Katherine (my vrou)."

Paulus begin die brief soos al sy ander briewe:

1. die skrywer word genoem;
2. die lesers; en
3. 'n seëngroet word uitgespreek.

Eerstens word gesê wie is

2.1. die skrywer:

"Paulus, 'n apostel ...".

Maar lees 'n mens verder, is daar iets wat besonder sterk opval: Paulus begin hierdie brief tog nie heeltemal soos sy ander briewe nie. Sy **selfbekendstelling** is veel en veel **meer uitgebreid**. Hy skryf byvoorbeeld nie net, soos in 1 Korintheërs (1:1), dat hy "'n geroepe apostel van Jesus Christus deur die wil van God" is nie. Nee, maar hy maak hy **'n lang byvoeging**: 'n apostel **nie vanweë mense of deur 'n mens nie, MAAR deur Jesus Christus en God die Vader wat Hom uit die dode opgewek het**

Hierdie uitbreiding het alles **te make met die probleme** in die gemeentes van Galasië. Wat was dan die probleem? Nadat Paulus die eerste keer by hulle was en die evangelie van verlossing deur Christus alleen aan hulle verkondig het, het daar dwaalleraars in die gemeente opgedaag. Hierdie valse apostels het geleer: Dit is nie waar wat Paulus leer nie. Christus alleen is nie genoeg nie. By die verlossingswerk van Christus moet ook nog iets bykom: ons eie werke. Sekere seremonies van die wet van Moses soos die besnydenis moet onderhou word. Hulle dwaling het dus hierop neergekom: Ons word nie geregverdig deur die geloof alleen nie, maar deur die geloof plus ons werke. Hulle dwaling was niks minder as 'n skoot in die hart van die evangelie nie.

Om Paulus se leer verdag te maak, het die dwaalleraars ook **sy apostelskap begin bevraagteken**: Die dwaalleraars het heel waarskynlik vir die gelowiges in Galasië gesê: Paulus is nie in dieselfde klas as die ander apostels was nie. Hy is maar net deur 'n gemeente in Antiogië uitgestuur, deur mense dus (vgl Hand 13:1–2) en nié deur die Here self soos die ander apostels nie. Paulus kom dus slegs met menslike gesag.

Daarop antwoord Paulus deur te sê:

1. Hy is nie 'n apostel **VANWEE mense** nie. Dit is dus nie mense wat hom uitgestuur het nie.

2. Hy is óók nie 'n apostel **DEUR mense** nie. Dit wil sê: Jesus Christus het hom nie deur middel van mense geroep nie.

Nee, inteendeel: hy is nie 'n apostel vanweë mense of deur mense nie, **MAAR, MAAR deur Jesus Christus**. Met hierdie MAAR maak Paulus hier 'n baie skerp teenstelling: **Nie mense nie, MAAR die Seun van God self**. Toe hy geroep is as apostel het mense hoegenaamd nie ter sprake gekom nie. Inteendeel, op die Damaskus-weg het die Seun van God self en direk aan Hom verskyn en Hy self het Paulus geroep sonder tussenkoms van mense.

Hy is 'n **apostel**. Dit is 'n besondere titel. 'n Apostel was iemand wat **nie met sy eie boodskap** gekom het nie. 'n Apostel het **nét die boodskap gebring van die Een wat hom gestuur** het. Paulus kom dus as apostel met die boodskap van Jesus Christus self. Sy boodskap is nie van menslike herkoms nie, maar van God self. Die Seun van God self spreek daarin – ook tot ons vandag. Daarom is elke woord daarvan gelaai met Goddelike gesag. Dit geld ook van al Paulus se ander briewe.

Maar dan gaan Paulus nog verder: Hy is 'n apostel deur Jesus Christus én van **God die Vader**. Agter sy brief staan dus nie net God die Seun nie, maar óók God die Vader.

En dan maak Paulus 'n besondere toevoeging by die woorde **God die Vader**: God die Vader **wat Hom (Jesus) uit die dode opgewek het**. Waarom maak die apostel hierdie byvoeging? Waarom is hy nie tevrede daarmee om te verklaar dat hy sowel deur God die Seun as deur God die Vader uitgestuur is nie?

Om hierdie toevoeging te verstaan, moet ek aan u verduidelik wat die **betekenis** daarvan is dat die **Vader die Seun opgewek het**. U weet dat ons Here Jesus Christus gekom het om die wet in ons plek te vervul en om ons straf te dra. Nou ja, toe die die Vader Jesus uit die dode opgewek het, het die Vader daarmee gesê: Hy is **tevrede** met die werk van Christus. Dit is voldoende. Ons kan sê: Die opwekking van Jesus was **die Vader se "amen"** op Jesus se "dit is volbring" (= betaal, volledig). Die opwekking was die Vader se **kwitansie**: klaar betaal.

Paulus sê dus: Gemeentes, hierdie boodskap wat Jesus Christus self aan my gegee het, hierdie evangelie van verlossing slegs deur die werk van ons Heiland – ook die Vader self staan daar agter. Ja, die Vader het ook sy stempel daarop gesit deur Jesus Christus uit die dood op te wek. “Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een” (1 Joh 5:7). Tot ons troos het ons hierdie driedubbele getuienis: ONS skuld is klaar betaal.

Iets oor:

2.2. Die lesers

Op sy heel eerste sendingreis het Paulus Antiogië in Pisidië, Ikonium, Listre en Derbe aangedoen. Al daardie dorpe was geleë in die suide van die Romeinse provinsie Galasië. Daar het Paulus sy eerste gemeentes gestig en dit is hierdie gemeentes aan wie hy hierdie brief skryf. U kan daarvan lees in Handeling 13 en 14.

Maar die brief is nie alleen vir hulle bedoel nie. God het dit nodig geag dat ook ons dit moet hoor. Daarom is dit opgeskryf.

- Want ook in ons tyd is die evangelie van genade alleen in die gedrang. Ek kry die gevoel dat die mens - ook die kerkmens - van vandag nie meer sonde het nie. Ten minste: so dink ons. O, miskien sê ons dit nog: Ek is 'n sondaar. Maar dit bly dikwels by 'n oppervlakkige mondbelydenis. Daarom spreek die prediking van die kruis ons nie meer aan nie. Ons wil eerder hoor wat ons moet doen. En ons meen – soos Luther ook eers gedink het - dat ons so baie kan doen. Maar as ons soos 'n Paulus en 'n Luther gekonfronteer word met die verblindende lig van God se heiligheid, word al ons gewaande heiligheid en vroomheid en werke uit ons hande geslaan. As die donderslae van die wet tot in die ore van ons siel weergalm en die bliksemstrale van sy oordeel ons in die grond van ons hart tref – dan word die brief van die Galasiërs ook ons lieflingsbrief.
- Dit was 'n kenmerk gewees van Luther se hele lewe dat hy so diep daarvan bewus was dat hy **voor die aangesig van God** staan: met sy onheiligheid voor die aangesig van die heilige God. Weet óns dit nog? Want waar 'n mens deur die Heilige Gees op daardie punt gebring word – en daar moet ons kom – daar kom 'n mens tot 'n diep verlange na en waardering vir en 'n oneindige groot verwondering oor die skuldbetalende werk van Christus.

Die derde deel van die aanhef van die brief is

2.3. die seëngroet

"Genade vir julle en vrede...".

Genade, vrede – in hierdie twee woorde word Paulus se hele **evangelie opgesom**:

Genade is die fontein. Dit is die bron waaruit die stroom van vrede met God voortvloei. Deur God se genade word ons verhouding met God herstel. Deur God se genade het ons vrede met

God. En dié **vrede** beteken: Die onweer is verby; die donderslae van God se oordeel is stil; nou word ons weer omring met sy vrede, met sy Vaderliefde en sy Vadersorg.

Deur genade alleen. Genade is die fontein en nie ons werke soos die dwaalleraars leer nie. Hierdie genade het alles met Jesus te make en niks met ons wetswerke nie. Dit is óf wetswerke óf genade, óf ons goeie werke óf Christus se werke. Dit is die een of die ander. Hier is nie 'n middeweg nie. Dit is nie genade én werke nie, maar genade alleen en Christus alleen. In die genadewerk van Christus lê dit ook vas en in Hom is dit ook heerlijk gewaarborg. Christus is ons vrede. "Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus" (Rom.5:1).

En – laat Paulus dit hoor in sy seëngroet - hierdie genade en vrede kom nie alleen van die Seun nie, maar óók **van God die Vader**. Dit stroom óók uit God se Vaderhart. Want agter die Seun staan die Vader. "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het ... (Joh.3:16). Op Golgota gaan God se Vaderhand en God se Vaderhart vir ons oop. In Jesus kyk ons tot reg in God se Vaderhart.

En dan gaan Paulus dadelik oor tot die groot gebeurtenis in die geskiedenis waar God se **genade** geopenbaar is en waar ons **vrede** vandaan kom: Jesus **wat Homself gegee het vir ons sondes**. Dáar aanskou ons God se genade: daar aan die vloekhout van Golgota. Dáar verrys sy vredesparadys, dáar waar waar die Seun Homself gegee het as offer vir ons sondes. Die **vir ons sondes** kan ons ook vertaal as: bedekking vir ons sondes. Sy bloed dek ons sondes toe **voor die aangesig van God**.

Luther se verklaring by hierdie woorde is diep aangrypend. Hy sê: Hier staan nie: Vrede van God wat ons werke ontvang het nie, maar vrede van God wat sy Seun gegee het.

Ons het NIKS gegee nie, God het ALLES gegee: Hy het sy eie Seun, sy liewe Seun, gegee, die kosbaarste wat Hy het. Ons gee niks nie, maar ons ontvang genade op genade.

Daarom sê Luther: Hierdie woorde is soveel donderslae van protes uit die hemel teen elke poging om met die hulp van goeie werke te wil salig word. Dit is God se hemelse artillirie (bombardement) waarmee Hy die leer van die pous en die leer van goeie werke en ons verdienstelikheid vernietig.

En waarom het Christus Homself gegee? Met die **doel**, sê Paulus, dat **Hy ons kan uitred uit die teenwoordige bose wêreld**. Met die teenwoordige bose wêreld bedoel Paulus: die wêreld onder die oordeel van God en onder die heerskappy van die duiwel. Van daardie wêreld was

ons deel en uit daardie dodelike gevaar het Christus alleen ons uitgered deur Homself oor te gee. Ons kon onself nie red nie. Dit sit in die woordjie "uitred". God het dit gedoen.

God het ALLES gedoen deur sy Seun. Daarom sluit die apostel sy seëngroet af met 'n **lofprijsing: ...aan wie die heerlijkheid toekom in alle ewigheid! Amen.** Aan God alleen die eer.

3. Slot

Ek sluit af met hierdie opmerking van Kohlbrugge (en ek parafraseer 'n bietjie):

"Die Here skryf aan die mens geen wette (werke) voor (waardeur hy homself moet red of 'n bydrae moet lwer nie) nie. (Nee,) maar (die Here) skenk aan hom genade. Dit wil die Here egter (van ons) hê: dat die mens 'n arme, 'n bedelaar (moet) bly, (ja) **dít** wil Hy hê! Wat wil Hy (die Here) hê? (Die mens) wat vol is (vol eie werke), wil Hy nie vol maak nie, maar (die mens) wat leeg is, hom sal Hy vol maak Die werke (die wetswerke wat God eis) sal wel daar wees as ons maar net by ons Heiland leef (AHB = Want dan het ons Christus se werke!). Wat moet ek doen om salig te word? vra u. En ek antwoord: niks nie! Vra dit weer en weer en ek antwoord (weer en weer): niks nie! Antwoord u daarop: Maar die apostel sê tog: Glo in die Here Jesus Christus en jy sal salig word! Wel, doen dit dan" (Galasiërs, p.17)." Immers, **dít** is wat geloof is: geloof is om te leef van God se werke in Christus; om geregverdig te word alleen deur daardie werke. AMEN

Galasiërs nr 2

Lees: 1 Konings 13; Gal.1:6-9

Teks: Gal.1:6-9 (Galasiërs nr.2)

Datum: 24 Oktober 2010

Psalms: 84:3,6; 25:2; 25:4,5; 1:1,4 Ps 106:1,2; Ps 106:8,9,20

1. Inleiding

Alle paaie lei na Rome, lui die spreekwoord. Daarmee bedoel ons: 'n Mens kan op verskillende maniere jou doel bereik. Alle paaie lei na Rome, MAAR nie alle paaie lei na die nuwe Jerusalem. Alle paaie lei na Rome, maar net een Weg lei na die koninkryk van die hemele. Daardie Weg is Christus en Christus alleen. Hy is die weg en die waarheid en die lewe. Alle ander paaie is afdraaipaaie, doodloopstrate. Daar is geen alternatiewe roete nie.

Waaroor gaan dit in ons teksverse? Dit gaan om die heel enigste Weg tot saligheid. Wie aan hierdie Weg wil verander, beland op 'n ander weg: Hy bereik die ewige bestemming nie. Wie aan hierdie Weg wil byvoeg – laat God Hom oordeel.

In Galasiërs 1:6-10 hoor ons:

1. Paulus vermaan die Galasiërs, omdat hulle die enigste Weg verlaat het;
2. die dwaalleraars het die Galasiërs 'n ander weg en nie die enigste Weg gewys nie;
3. God vervloek die wysers van 'n ander weg;

2.1. Paulus vermaan die Galasiërs, omdat hulle die enigste weg verlaat het

Paulus begin sy brief aan die Galasiërs op 'n ongewone manier. In al sy ander briewe begin die apostel na sy seëngroet om vir die lesers te bid of om God te prys en te dank. In hierdie brief ontbreek dit. In plaas daarvan begin hy met 'n ernstige vermaning. Selfs nie in sy briewe aan die Korintiërs – ook 'n gemeente met ontsaglike probleme – doen hy dit nie. Dit wys ons hoe ernstig die toestand in die gemeentes van Galasië was: **Die hart van die evangelie was in die geding**: die verlossing deur genade alleen. Die werk van Christus was volgens die dwaalleraars nie genoeg nie. By die werk van Christus moet ook ons wetswerke kom as deel van die pad tot saligheid.

Paulus is absoluut verbysterd dat die gemeentes **so gou** van die evangelie afvallig kon word. Dit het die valse leraars nie eens veel tyd en moeite gekos om die Galasiërs te oortuig nie. En

dit is nou die gemeentes wat maar onlangs die evangelie ontvang het. Dit is nou die mense van wie Paulus skryf dat hulle hom ontvang het as 'n engel van God, ja, as Christus Jesus (4:14). En nou luister hierdie selfde mense na dwaalleraars wat met 'n ander evangelie kom. Hoe op aarde is dit moontlik? Die antwoord is heel eenvoudig: Elke mens is van nature 'n Fariseër. Ons wil self heeltemal of ten dele ons verlossingspad bou. Dit gaan teen ons grein in dat die evangelie ons leer: die mens niks, God alles.

Vir Paulus is die dwaling van die gemeentes geen kleinigheid nie. Hy beskryf dit as **afval**. Dit is 'n woord uit die militêre lewe. Dit word gebruik van 'n soldaat wat oorloop na die vyand. Wat dit des te erger maak, is: Hulle het nie bloot maar net oorgegaan na ander apostels nie, maar het **van God self afvallig geword**. Hy skryf: Julle het "afvallig word van Hom wat julle ... geroep het". Daardie "Hom" is God die Vader. Ons word immers nie deur mense tot geloof geroep nie. Agter die evangelieverkondiging en agter die prediking staan God self. Wie daarom die evangelie van die genade van Christus prysgee, verlaat God self. Laat die Galasiërs weet: Dit is onmoontlik om die evangelie te versaak sonder om God te versaak. So ernstig is die saak.

Hy is die heel, heel enigste Weg. Maar

2.2. die dwaalleraars het die Galasiërs 'n ander weg gewys

Dit in die tweede plek.

Die Galasiërs, sê Paulus, het afvallig geword na 'n ander evangelie. Twee maal gebruik die apostel die woordjie "**ander**" in vers 6 en 7: Die gemeentes het afvallig geword "na 'n ander evangelie toe, terwyl daar geen ander is nie". In die Grieks word daar twee verskillende woorde vir "ander" gebruik.

Ek wil die verskil aan u met 'n baie eenvoudige beeld verduidelik: Rooiwyn en witwyn is gelyksoortig. Beide is wyn. Rooiwyn is net 'n ander soort, maar dit is ook wyn. Maar water is nie wyn nie. Dit is iets anders. Nou ja, dit mag lyk asof die dwaalleraars maar net met 'n ander evangelie kom, 'n evangelie so bietjie anders as die van Paulus, maar tog ook 'n evangelie, tog ook wyn, tog ook 'n verlossingsweg. Maar Paulus sê in vers 6 en 7: Nee, hierdie sogenaamde evangelie van die dwaalleraars is 'n ander evangelie. Dit is iets anders. Dit is water.

Let op hoe listig die duiwel is, sê Luther by hierdie verse: Geen dwaalleraar kom na ons toe onder die titel van dwalinge en onder die titel van die duiwel nie. Ook kom die duiwel nie na ons toe as 'n duiwel nie. Hy kom nie in swart nie, maar hy verskyn in wit. Hy vermom homself. Hy kom in die gedaante van 'n engel van God self. Dan hou hy sy dodelikste gif voor as die leer van genade, as die woord van God, as die evangelie van Christus. Hy dek al sy woorde

met die kleur van waarheid en met die Naam van God. Ja, sê Luther, as die duiwel sien dat hy die kerk nie kan afbreek deur vervolging nie, kom hy met 'n ander taktiek: Dan kom hy onder die masker van verbetering en opbou. Dan kom hy deur dwaalleraars wat leer: Christus is 'n goeie werksman en hy het inderdaad begin met die gebou, maar Hy het dit nie voltooi nie. Dit moet Moses doen. Die gebou moet verder voltooi word deur ons wetswerke.

Wat Luther sê, is gegrond op die Bybel. In 2 Korintiërs 11:14 skryf Paulus: " die Satan self verander hom in 'n engel van die lig".

In Nederlands word gesê: Die duiwel kom nie op klompe (op hout skoene) nie, maar op sokkies. Hy bekruip ons geruiseloos, onopgemerk.

Ook die dwaalleraars van ons tyd en die sektes van ons dae neem die woorde genade en evangelie in die mond. Maar nie alles wat blink is goud nie. En nie alles wat genade genoem word, is genade nie. Wat die sektes en die Roomse kerk bring, is klatergoud, namaaksel, 'n ander weg.

Hierdie mense **bring julle in die war**, sê Paulus Hulle krap julle geloofsoortuiging deurmekaar. En dan vervolg hy: Hulle wil die evangelie van Christus **verdraai**. Vir "verdraai" gebruik Paulus 'n sterk woord: Hulle keer die evangelie om, op sy kop, onderstebo. 'n Mens kan die evangelie nie aanpas of aanvul sonder om die karakter daarvan radikaal te verander nie. Wie iets by die evangelie byvoeg, maak daarvan iets anders, iets omgekeerds. In so 'n ernstige lig sien die Here hierdie dwaalleer.

Dit is óf genade óf werke. Dit is nie én-én nie, maar óf - óf: óf Christus óf ons eie verdienste. Dit is óf Christus alles óf Christus niks nie.

En daarom sê Luther: Waar die geregtigheid deur wetswerke regeer, kan die geregtigheid deur genade nie heers nie. Die een moet plek maak vir die ander Dit mag miskien na 'n kleinigheid lyk om die wet en die evangelie, die geloof en die werke te vermeng. Dit doen egter meer skade as wat 'n mens dink, want dit neem Christus en al sy weldade weg.

En daarom trek Paulus in alle felheid teen die dwaalleraars los:

2.3. God vervloek die wysers van 'n ander weg

In vers 8 skryf die apostel: "Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!" En dan herhaal Paulus dit nog 'n keer in vers 9: "Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom 'n

vervloeking wees!" En met die **vantevore** bedoel Paulus: Ek het dit ook al by 'n vroeëre geleentheid vir hulle gesê. Hulle het dit dus ten minste drie maal gehoor. Hulle is behoorlik gewaarsku.

.... al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees. Hierdie woorde het sy wortels in die geskiedenis van 1 Konings 12 en 13.

Daar kry ons die geskiedenis van Jerobeam se oprigting van goue kalwers. Nou moet ons goed verstaan: Dit was nie Jerobeam se bedoeling om met die beede 'n ander god te vereer nie. Hy wou dus nie die eerste gebod (geen ander gode) oortree nie. Hy maak hom wel skuldig aan beelddiens. Hy is nie tevrede met die Woord alleen, met die wyse waarop God voorskryf hoe Hy gedien wil word nie.

Die HERE waarsku Jerobeam op twee maniere: 1. eers deur die Woord en 2. tweedens deur 'n sigbare stuk onderwys:

1. Eers waarsku die HERE Jerobeam deur die **woord** van 'n profeet. 'n Profeet van die HERE kom en spreek die oordeelsWOORD van God oor die eiewillige godsdiens uit.
2. Daarop volg 'n stuk geskiedenis waarmee die HERE Jerobeam op nog 'n tweede, sigbare manier met 'n oordeelsDAAD waarsku en laat sien hoe gevaarlik dit is om die Woord te verlaat. By die woord van die profeet kom daar dus tweedens 'n stuk sigbare onderwys ter onderstreping en toeligting van die woord.

Die profeet wat in Bet-el die oordeel van die HERE oor die kalwerdiens van Bet-El uitgespreek het, moes naamlik, nadat hy sy taak uitgevoer het, onmiddellik teruggaan. Die uitdruklike **woord van die HERE** aan hom was: "Jy mag daar geen brood eet of water drink nie; jy mag nie terugkeer met die pad waarmee jy gegaan het nie" (13:17). 'n Ou profeet sê egter vir hom: "Ek is ook 'n profeet net soos jy, en '**n engel** het met my gespreek deur die woord van die HERE en gesê: Bring hom terug saam met jou na jou huis, dat hy brood kan eet en water kan drink" (vers 18). As gevolg van sy ongehoorsaamheid aan die Woord, sy eiewillige godsdiens, sy oortreding van die tweede gebod word die ongehoorsame profeet deur 'n leeu verskeur. Die lot van die man van God moes vir Jerobeam 'n tweede ernstige waarskuwing wees. Eiewillige godsdiens, afwyking van die Woord, is lewensgevaarlik.

'n Engel van die Here het met my gespreek, het die ou profeet gesê. Juis hierna gryp Paulus in Galasiërs 1:8 terug, wanneer hy skryf: "Maar al sou ons of '**n engel** uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking

wees!" Paulus waarsku juis die Galasiërs teen dwaalleraars wat met Christus (die Woord) alleen nie tevrede was nie. By Christus se werk moet nog ons werk kom. Ons kan maar sê: Hulle was nie tevrede met die woord van God, met Christus alleen nie.

Ons sal moet verstaan: **Christus is die hart van die tweede gebod**. Wie Hom eer as volkome Verlosser en op Hom alleen steun en nie sy werke nie – dit is hoe die HERE gedien wil word.

Om die volle erns van hierdie woorde te begryp, moet ons terdeë weet **WIE** nou eintlik hier aan die woord is. Is dit Paulus? Ja en nee. Ja, dit is die apostel wat dit sê, maar hy sê dit in opdrag van God. **God self is hier aan die woord**. Paulus is immers net gestuurde, gesant van God wat met die boodskap van God kom. Dit is tog wat apostel beteken, nie waar nie?

Vervloek – dis vreeslik. Want vervloek beteken: oorgegee word aan die oordeel van God, aan die gerig van die hemelse Regter. En let wel: Dit staan hier nie as wens nie, maar as opdrag: As iemand julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, **moet** hy 'n vervloeking wees! Dit sê God self.

Was dit regtig so erg wat hierdie dwaalleraars in Galasië gedoen het? Verdien dit nou regtig die ewige oordeel van God?

- Om die geweldige erns van hulle oortreding te laat sien, moet ek u **eerstens** wys op wat hulle aan die **gemeente** gedoen het:

Die evangelie van Christus is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo (Rm.1:16). Maar dit beteken: Wie dit aantas, tas die weg tot saligheid aan. Hulle werp die evangelie van ons Here Jesus onderstebo. En dit is verskriklik, sê Calvyn, want die evangelie is die fondament van ons geloof; dit is die sleutel wat die poort na die paradys vir ontsluit. Die evangelie van die dwaalleraars is nie maar net nog 'n weg, 'n ander manier om by God te kom nie. Dit is 'n doodloopstraat. Dit loop uit op die vloek van God, op die ewige dood. Die kerk word daarmee in lewensgevaar gebring.

- **Tweedens** – en dit is nog die heel belangrikste: Die valse evangelie van die dwaalleraars kom **God se eer** te na.

Wie iets by die evangelie wil byvoeg, beledig God. Dié sê daarmee: Die werk van Christus is nie genoeg nie.

3. Slot

Ons leef in 'n tyd van valse, on-Bybelse verdraagsaamheid. Ons sê sommer maklik: Ag, ons aanbid almal tog dieselfde God. Maar dit is sekerlik nie wat God van hierdie dwaalleraars sê nie. God verdra dit nie dat die werk van sy Seun tekort gedoen word nie.

Daar is net Een Padbouer: God. En die pad wat Hy gebou het, is voltooi: Christus, die weg en die waarheid en die lewe. Hierdie Pad bring ons nie halfpad nie, maar die hele pad: tot in die hemel.

God het nie padbouers nodig nie. Trouens ons is nie eens geskik vir daardie werk nie. Nie eens in die geringste mate nie. Daarom: Al wat u moet wees, is 'n Padverbruikers: Wandel op die Pad van God. Glo in Jesus Christus.

Dit is die pad van aan-God-alleen-die-eer.

AMEN

Galasiërs nr 3

Lees: Gal.1:10-24

Teks: Gal.1:11-12 (Galasiërs nr.3)

Datum: 7 November 2010

Psalms: 150:1; 103:2; 119:7

1. Inleiding

Maarten Luther skryf in sy beroemde kommentaar op Galasiërs: Die evangelie ontnem die mens alle eer, wysheid en geregtigheid en gee dit aan die Skepper alleen, wat alles uit niks gemaak het.

- Die mens bly in die evangelie totaal en al in die slag. Dit geld in die EERSTE plek van die **oorsprong** van die evangelie.

Waar daar **geen weg** tot verlossing was nie, het **God uit niks iets** geskep: Jesus, die **enigste Weg**.

Ook in 'n ander sin het die evangelie sy oorsprong by God. Ek bedoel: die geloof in hierdie Weg. God moet die geloof in ons hart skep. In ons hart is daar niks nie – niks geloof nie. God moet uit niks iets skep. God moet ons oog gee vir die kruis, anders bly ons lewenslank blind.

- Die mens bly in die evangelie totaal en al in die slag. Dit geld in die TWEEDE plek van die **karakter** van die evangelie.

In die evangelie gaan dit **nié** oor iets **wat die mens vir God doen nie**, maar oor **God alleen wat alles vir die mens doen**.

Ons kyk na

1. die oorsprong en karakter van die ware evangelie; en
2. die oorsprong en karakter daarvan soos blyk uit die lewe van Paulus.

2.1. Die oorsprong en karakter van die ware evangelie

Die evangelie kom in kort hierop neer: Ons hele verlossing word **heeltemal uit ons hande** geneem en **geheel en al** gelê **in die hande van ons Here Jesus Christus alleen**. Die evangelie onttoon ons en kroon Christus alleen. Hy is die alleen-Bewerker van ons saligheid. Hy het alles gedoen.

Paulus sê in vers 11: Ek wil beslis hê – hy stel dit sterk -, ek wil beslis hê dat julle moet weet: Hierdie evangelie van my is **nie na die mens** nie. Met hierdie uitdrukking, "nie na die mens nie", bedoel Paulus twee dinge:

1. Die evangelie is nie deur mense uitgedink nie en
2. dit val ook nie in ons smaak nie.

So 'n evangelie druis in teen ons mensehart en –gedagtes. Ons is liever werkesels as bedelaars. Ook op geestelike terrein verkies ons om werkoliste en nie werkloses te wees nie. Ons hou nie daarvan om bakhand te staan nie. 'n Doen-dit-self-godsdiens en 'n help-jouself-evangelie is meer na ons smaak. In die paradys het die Satan met die versoeking na die mens gekom: Julle kan soos God wees. En sedert die sondeval stempel dit ons lewe: Ons wil self God wees – ook wanneer dit kom by ons heil en saligheid. Juis daarom is 'n evangelie van genade alleen nie na die mens nie: Die mens sal nooit so iets uitdink nie en ons sal ook nooit daarvan hou nie – tensy God ons oë vir die absolute noodsaak daarvan open.

In vers 12 sê Paulus waar hy hierdie evangelie dan wel gekry het: **Deur 'n openbaring van Jesus Christus**.

Die woord **openbaring** beteken letterlik: die **wegneem van 'n omhulling**, 'n bedeksel, 'n sluier. Paulus noem dit 'n openbaring **van Jesus Christus**. In die woorde **van Jesus Christus** is twee uitemate belangrike gedagtes opgesluit: Christus is 1. die Gewer én 2. die Inhoud daarvan:

1. **Eerstens** leer dit ons dat Jesus Christus die **Gewer** van die openbaring is. Ons is blind vir die evangelie, todat Jesus Christus deur sy Heilige Gees die sluier wegneem. Dan sien ons die evangelie in al sy heerlijkheid. Daarvan het die digter van Psalm 119 ook alles geweet, want hy bid: "Open my oë, dat ek kan sien die wonders uit u wet" (v.18).
U moet tog goed luister hoe sterk Paulus dit stel: Eers stel hy dit **negatief**: Hy het sy evangelie nie van 'n mens geleer of ontvang nie. Dan sê hy **positief** hoe wel :nie van 'n mens nie, "MAAR deur 'n openbaring van Jesus Christus". Die apostel wil hê dat ons dit beslis moet weet: Die evangelie is nie van menslike oorsprong nie, MAAR van Goddelike herkoms.
2. **Tweedens** sê die woorde "van Jesus Christus" ook wat ons te sien kry as Christus die sluier weggeneem word: Ons aanskou Jesus Christus. Jesus is dus nie alleen die Gewer van die openbaring nie. Hy is ook die **Inhoud** van die openbaring, van die evangelie – Hy en nie ons, Hy en nie die mens nie. Daarom is die evangelie ook nie "na die mens"

nie, omdat die evangelie vol is nie van wat die mens doen nie, maar tot oorlopend toe vol is van wat God in Christus doen.

Die lewe van Paulus is 'n lewende voorbeeld van hierdie waarheid: die evangelie is nie na die mens nie – nie van menslike oorsprong nie en ook nie na menslike smaak nie.

Dit bring ons by die tweede hoofpunt:

2.3 Die oorsprong en karakter van die evangelie soos blyk uit die lewe van Paulus

In drie tydperke uit sy lewe gaan Paulus dit aantoon: 1. die tydperk voor sy bekering, 2. sy bekering en 3. die tyd kort na sy bekering.

1. Paulus begin eerstens by die tydperk **VOOR SY BEKERING** (vv.13-14):

Paulus se hele lewe voor sy roeping was a) **enersyds** 'n lewe teen die geregtigheid van God en b) **andersyds** vir eiegeregtigheid. In beide was hy fanaties.

- a) Hy het hom met mag en mening verset teen die geregtigheid van God in Christus. Juis daarom het hy die gemeente van God **uitermate**, tot die uiterste toe, vervolg en verwoes (vgl. Hand.22:4; 26:11).
- b) Aan die anderkant het hy hom beywer vir eiegeregtigheid. In die Jodedom het hy uitgestyg bo sy leeftydgenote, terwyl hy veral 'n **yweraar** vir die oorlewering van sy voorvaders was (vgl. Hand.26:5). So lyk die mens van nature. Dit is die evangelie na die mens: die mens met die wet in eie hand. Die lewe van Paulus is 'n duidelike bewys dat die evangelie nie na die mens is nie.

Alleen Goddelike krag (nie menslike krag nie) kon so 'n fanatikus soos Paulus tot ander insigte bring. Maar daar was nog meer nodig: ook **alleen Goddelike genade** (geen menslike verdienste nie). Want wie en wat was Paulus toe Christus Hom aan Paulus geopenbaar het? Hy was 'n fanatieke vervolger van die kerk. Maar Paulus stel dit nog skerper. Hy praat nie maar net van **die gemeente** nie, maar hy sê uitdruklik: die gemeente **van God**. Dit was dus nie maar net 'n gewone volk wat hy uitermate, tot die uiterste toe, vervolg en verwoes het nie. Hy het hom te buite gegaan aan die volk waarvan die HERE sê: Wie hulle aanraak "raak sý oogappel aan" (Sag.2:8). Daarmee wil hy **enersyds** die erns van sy oortreding beklemtoon: Hy het hom vergryp aan die kosbare, duurgekoopte eiendomsvolk van God. Maar **andersyds** wil Paulus ook grootheid van God se genade laat sien: dat God Hom ontferm het oor so 'n vyand soos hy, dit is 'n genadewonder. So 'n evangelie is sekerlik nie na die mens nie. As só 'n mens dan wel gered word, word daar sekerlik nie gemeet met die maatstaf van menslike verdienste nie.

Dan word alleen gemeet met die maatstok van die onverdiende genade van God, met die liniaal van die kruis.

Agter Paulus het 'n bloedspoor gelê beginnende met die bloed van Stefanus. In homself was hy totaal en al onwaardig om in die amp van apostel te staan. Maar God sien ook iets anders: die bloed van Christus. Danksy daardie bloed kon Paulus – en ons – wel in die amp staan.

2. **Tweedens** kom die apostel by **SY BEKERING** (vv.15-16a):

"Maar toe dit God behaag het ...". **Maar God** – daarmee begin Paulus die verhaal van sy bekering.

Die **kontras** tussen **13-14** enersyds en **15-16** andersyds is **uiters skerp**.

- ❖ In vers 13-14 is dit: **ék, ék, ék, Paulus, Paulus, Paulus**.
- ❖ In vers 15-16 is dit **nét God**.
- In vers 13-14 is dit **Paulus-sonder-God**, Paulus wat sonder God sy saligheid wil verdien.
- In vers 15-16 is dit **God-sonder-Paulus**, God wat Paulus red, sonder enige verdienste van Paulus se kant.
- ❑ In vers 13-14 is dit Paulus met die wet in sy hand
- ❑ In vers 15-16 is dit God met die evangelie van vrye genade in Paulus se hart

Die hele verhaal van Paulus se roeping en bekering is net God se werk en net danksy God:

Wanneer Paulus dit het oor sy genadige roeping, gaan hy terug tot voor sy geboorte. Dan praat hy van God **wat my afgesonder het van die skoot van my moeder af**. Soos Jakob wat voor sy geboorte bo Esau verkies is (Rom.9:10-13; vgl. ook Jer.1:5), so is Paulus voor sy geboorte afgesonder as apostel. Daarmee wil Paulus sê: Sy verkiesing as apostel het niks met 'n bydrae van sy kant te doen gehad nie. God het nie op prestasies of werke van sy kant gewag, voordat Hy hom afgesonder het vir hierdie taak nie. Inteendeel, Calvin maak hierby die diepsinnige opmerking: As 'n kind gebore word, wat bring hy met hom saam? Watter waardigheid het die kind? Waarlik, hy is net 'n besoedelde liggaam [= vol erfsonde]. Daarom is dit slegs genade as God ons op daardie stadium alreeds uitkies vir 'n besondere taak.

En toe God hom daar op die Damaskus-weg geroep het, op daardie oomblik toe hy op weg was om die gemeente te vervolg, waarom het God Hom toe wel geroep? God het **my deur sy genade geroep**", sê Paulus. Dit was uit onverdiende liefde.

Dit het "God behaag **om sy Seun in my te openbaar**.

Ek kan nie aan 'n beter kommentaar op hierdie woorde dink as Matteus 16 nie – 'n kommentaar van die Heilige Gees.

In Matteus 16 bely Petrus: Jesus is die Christus, die Seun van God is. Dan antwoord Jesus: "Vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie". Vlees en bloed, die mens – hierdie belydenis van Petrus is nie "na die mens" nie. Dit is nie van menslike herkoms nie. "Vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is" (Mt.16:17). En net 'n paar verse later sien ons wat vlees en bloed wel van die evangelie dink en maak. Want wanneer Jesus kort na Petrus se mooi belydenis vir sy dissipels sê dat Hy moes ly, en gedood en op die derde dag opgewek word, bestraf Petrus Hom. Dan verset Petrus hom teen die evangelie van die kruis. Ja, dít, dít is "na die mens": die verwerping van die evangelie van louter genade. En dan sê Jesus vir Petrus: Jy bedink nie die dinge van God bedink, maar die dinge van die mense (Mt.16:23).

En presies dit het Paulus in sy lewe ervaar. Sy hele lewe was een van weerstand teen die evangelie van die kruis. Totdat – totdat God sy Seun in Hom geopenbaar het.

Waarom het God sy Seun in Paulus geopenbaar? Dit het **God behaag**. Heel eenvoudig gestel: nie omdat Paulus dit waardig was nie, maar net omdat God dit wou.

God het sy Seun **in hom** geopenbaar - hier word gepraat van wat in Paulus se binneste gebeur het: In sy innerlike het God hom laat sien dat Jesus die Seun van God is. Christus het aan Paulus verskyn en wel so dat Paulus Hom nie alleen met die oog van sy liggaam nie, maar ook met die oog van sy siel, met die geloofsoog, aanskou het.

God openbaar sy Seun in Paulus, sodat – met die doel dat - hierdie eertydse gemeenteverwoester Hom onder die heidene sou verkondig. Calvyn sê dit so mooi: God maak 'n woedende wolf nie alleen 'n skaap nie, maar ook 'n skaapwagter! Wat 'n wonder!

3. **Derdens** laat die apostel sien wat **NA SY BEKERING** (v.16b e.v.) gebeur het:

Die valse apostels in Galasië het Paulus beswadder en gesê: Paulus is nie 'n regte apostel nie. Anders as 'n egte apostel het hy nie sy evangelie direk van Jesus ontvang nie, maar van mense. Reeds uit die voorafgaande het Paulus hierdie aantyging met krag weerlê.

Maar Paulus gaan nog verder om hulle te weerlê. In vers 16 sê hy naamlik dat hy **dadelik nie vlees en bloed geraadpleeg** het toe God sy Seun aan Hom geopenbaar het nie. Daarmee bedoel

Paulus: Hy het nie na die apostels toe gegaan en by hulle die evangelie gaan leer nie. Hy het dit toe nie gedoen nie en later ook nie.

Wat meer is: Ook die apostels erken die hemelse oorsprong van Paulus se evangelie. Want in vers 24 lees ons: ***En hulle het God verheerlik in Paulus.***

3. Slot

God verheerlik – dit moet ons ook doen. Want dat ons glo - dit het sy oorsprong alleen in God. En dat ons gered word – dit is net God se werk in Christus. Om ons ganse redding aan God toe te skryf - dit is nie na die mens nie, maar wel na God.

AMEN

Galasiërs nr 4

Lees: Handeling 15:1-22; Gal.2:1-10

Teks: Gal.2:1-10 (Galasiërs nr.4)

Datum: 14 November 2010

Psalms: 43:3,4; 9:7; 33:10-11; 45:1-3; 45:4-6

1. Inleiding

Deur die eeue heen was en is die kerk in 'n hewige stryd gewikkel. Onder andere Psalm 2 profeteer daarvan: van die volke en nasies wat saamsweer om die juk van Jesus af te werp. Daardie juk is die evangelie. Daarteen was die stryd ook in die gemeentes van Galasië en in ons tyd gemik: teen die Woord van Christus, teen die evangelie van genade alleen, teen die leer van regverdiging deur die geloof alleen sonder ons werke, teen die gesag van daardie Woord van die Messias.

Teen hierdie rewolusie wat hom openbaar in kerk en samelewing, in skool en gesin, in eie hart en lewe – daarteen is daar net een antwoord:

- **teen die rewolusie die evangelie,**
- teen die opstand die verlossende ingryping van Christus deur die krag van sy Woord.

Ook in Galasiërs hoor ons van

1. hierdie kerkstryd; maar ook
2. dat Christus self ingryp in dié stryd; en
3. dat Christus self die antwoord gee in hierdie stryd

2.1. 'n Kerkstryd

In Galasiërs 2 vertel Paulus dat hy opgegaan het na Jerusalem. 'n Vergadering van lewensbelang nie net vir die kerk van daardie tyd nie, maar ook vir die kerk van vandag sou daar gehou word. Van daardie vergadering lees ons ook in Handeling 15.

Die vergadering was nodig, want in Antiochië, die gemeente wat Paulus uitgestuur het op sy sendingreise onder andere na Galasië, het daar 'n hewige kerkstryd ontbrand. Joodse leraars het van Judea af gekom. Wat hulle geleer het, die gemoedere van Paulus en Barnabas laat ontvlam. In Handeling 15 vers 2 kan ons duidelik hoor hoe sterk die apostel oor die leer van hierdie mense gevoel het, want daar lees ons: Daar het geen klein stryd en woordewisseling van die kant van Paulus en Barnabas teen hulle ontstaan nie.

Wat was dan die probleem met dit wat hierdie Joodse Christene geleer het? Hulle het vir die gelowiges uit die heidene gesê: "As julle nie besny word volgens die gebruik van Moses nie, kan julle nie gered word nie" (Hand.15:1). Jesus alleen is nie genoeg nie. Dit is hierdie selfde mense en hulle geesgenote in die gemeentes van Galasië met wie Paulus swaarde kruis in sy Galasiër-brief.

Jesus plus die besnydenis, anders kan jy nie salig word nie - dít was die slagspreuk van hierdie mense: Maar dit is nie al nie. Vir hulle dwaalleer het hierdie mense hulle beroep op die ander apostels: Ons leer wat die ander apostels leer, hulle wat as pilare in die kerk geag is, Petrus, Johannes en Jakobus. Maar hierdie Paulus – hy bring 'n ander evangelie as die voormanne van die kerk. So het hulle Paulus se **gesag** probeer ondermyn. Twee dinge was dus in gedrang: 1. Die inhoud van die Woord van die Christus en 2. die gesag van sy Woord.

Na aanleiding van die woordewisseling in die gemeente van Antiochië is besluit: 'n Afvaardiging moet na die apostels en ouderlinge in Jerusalem. Die vergadering in Jerusalem moet uitsluitel oor hierdie vraagstuk gee.

Maar daar sit meer in hierdie Jerusalem-byeenkoms as maar net mense-aktiwiteit:

2.2. ons Here Jesus self gryp daarmee in in die kerkstryd

Om die besondere betekenis van hierdie vergadering te verstaan, moet ons mooi gaan lees wat Paulus in Galasiërs 2 vers 2 sê: ***Maar ek het opgegaan op grond van 'n openbaring....***

Hoekom het Paulus gegaan? Dit sê Paulus uitdruklik: Ek het opgegaan ***op grond van 'n openbaring***. Dit wil sê: omdat Christus dit aan hom geopenbaar het dat hy moet gaan – daarom het Paulus gegaan. Dit is geweldig veelseggend. Daarmee verklaar die apostel: Agter sy reis en agter dit wat daar in Jerusalem besluit is, staan Christus self. Paulus gaan op sy bevel, op gesag van die Koning van die kerk. Hy sê dus weer wat hy al in hoofstuk 1 gesê het: hy gaan nie vanweë mense of deur mense nie, maar gestuur deur die Seun van God self, op sy gesag.

Die woordjie ***openbaring*** van vers 2 laat ons sien wat die hele res van die vergadering is: Christus-openbaring. Christus wil iets daar openbaar en daarom openbaar Hy aan Paulus dat hy moet gaan.

Dit is ook noodsaaklik dat ons die woord ***openbaring*** en die gebeure wat hier in Galasiërs 2 beskryf word, in die lig van Handelingte moet sien. In die boek Handelingte – wat ons kan noem die handelingte van ons Here Jesus Christus deur sy apostels -, daar in Handelingte handel die Seun van God. In Handelingte openbaar Hy Hom en deur sy handelingte vergader, beskerm en bewaar Hy sy kerk. Dieselfde het ons hier in Galasiërs: Christus openbaar Hom; Hy handel; deur sy handelingte in die handelingte van sy ander gesante, deur Petrus, Jakobus en Johannes, sal Christus self die evangelie van Paulus bevestig – tot weerlegging van hierdie dwaalgeeste. ***Sy Woord is sy handeling***.

Die verhoogde Koning van die kerk self gryp dus in in die kerkstryd. Christus self sal uitspraak lewer oor die juistheid van die evangelie van genade alleen. Sy arm ontbloot Hy uit die hoogte en red hul siele van die dood ... (Ps 33:10 – Totius). Teen die rewolusie Christus en sy evangelie – dis die enigste behoud van die kerk ook vandag. ***Sy Woord is sy handeling***.

In Jerusalem aangekom, het Paulus sy evangelie aan die vergadering in die geheel en ook in 'n private samekoms met die apostels voorgelê. Hierdie voorlegging moet ons nie verkeerd verstaan nie. Paulus het nie mense se goedkeuring nodig nie. Immers, God self het aan hom die evangelie gegee. God se evangelie is nie van menslike goedkeuring afhanklik nie. Wat Paulus wel vra, is dat die ander apostels – eweneens gesante van die Koning Self, wat sy Woord bring - ten aanhore van die dwaalleraars sal bevestig: Inderdaad, die evangelie wat

Paulus geleer het en steeds leer, die evangelie van genade alleen – **dít** is die ware evangelie. Daar hoef niks by te kom nie – geen besnydenis, geen wetswerke nie.

Maar Paulus doen nog meer as net 'n voorlegging. Hy bring ook iemand met hom saam: Titus. Waarom doen Paulus dit? Wat is so besonders aan Titus. Hy was 'n gelowige uit die heidene, 'n Griek, hy was 'n onbesnedene. Ons kan maar sê: Titus was 'n voorbeeld in lewende lywe van Paulus se evangelie: die besnydenis is nie nodig nie; God se genade is genoeg. Wat sê die apostels hiervan? Moet Titus besny word of nie? Titus word ingebring as 'n **toetssaak**. En

2.3. Christus self gee die antwoord in die stryd

Dit was 'n warm vergadering. Dit lei geen twyfel nie. Daar het 'n groot woordewisseling plaasvind, sê Handeling 15 (v.7). Paulus se teenstanders het hulle oortuiging ook nie onder stoele en banke weggesteek nie. Hulle het reguit gesê: Dit is **noodsaaklik** dat die heidene besny moet word. Hulle moet **bevel** ontvang om die wet van Moses te onderhou.

Ons moet nie dink dat dit 'n klein, middelmatige sakie was waaroor die vergadering gegaan het nie. In ons eeu van valse verdraagsaamheid maak ons asof dit nie saak maak wat 'n mens presies glo nie. Maar vir God maak dit wél saak. Dit kan ons duidelik aflei ons hoor hoe God self by monde van Paulus die Joodse dwaalleraars teenstanders beskryf. Hy noem hulle **ingesmokkelde valse broeders wat ingesluit het om ons vryheid te bespied wat ons in Christus Jesus het, sodat hulle ons in diensbaarheid kon bring** (v.4).

Hulle is **ingesmokkel**, dit wil sê: Hulle het die vergadering op bedrieglike wyse binnegekom onder 'n skyn van broederskap. Hulle doen hulle voor as broeders, maar Paulus ontmasker hulle: Hy noem hulle **valse broeders** – skyn-broeders, staan daar letterlik. Hulle is nie werklik broeders nie. Die Nederlandse geloofsbelydenis praat van huigelaars, toneelspelers, mense wat hulle anders voordoen as wat hulle werklik is. Volgens hierdie oordeel van Paulus oor die Joodse dwaalleraars is dit onmoontlik om 'n wettis én 'n Christen te wees.

Hierdie valse broeders se optrede en oogmerk was allermens broederlik. Intendeel, in die vervolg teken Paulus hulle nie as broeders nie, maar as vyande. Hulle het **ingesluit**, sê die apostel, **om ons vryheid te bespied**. Die beeld wat ons hier voor oë geroep word, is die van spioene of verraaiers wat listiglik die kamp van die vyand binnesluit. Die dwaalleraars is nie soldate van Christus nie, maar spioene van die Satan.

Hulle het gekom om **ons vryheid in Christus** te bespioeneer. Ons vryheid in Christus Jesus – in hierdie woorde word die ganse evangelie saamgevat: In Christus is ons vry van die wet as middel om self ons saligheid te verdien. Christus het alles gedoen. Hy het die hele wet vervul in ons plek. Maar juis dit wou die valse broeders nie aanvaar nie. By die werk van Christus moet nog die wetswerke van die mens bykom. En dan sê Paulus wat die doel of oogmerk van hulle spioenasie is: **sodat hulle ons in diensbaarheid kan bring** - weer onder die slawerny van die wet. Hulle het onder 'n dekmantel die kerk binnegekom: met die doel om die evangelie te saboteer.

Maar, sê Paulus, aan hulle het ons **selfs nie 'n oomblik in onderworpenheid toegegee** nie. Hier is geen kompromie moontlik nie! Dit is 'n geval van óf-óf: óf Christus ALLES óf Christus NIKS nie. Die Bybel ken geen tussenweg nie. Die Skrif ken geen samevoeging van

twee weë, die weg van Christus plus die weg van die werke van die mens, nie. God openbaar aan ons net één Weg: Christus alleen.

Maar wat was die vergadering se standpunt? Was die apostels nie meer "gematigd" as Paulus nie?

Hoe het die apostels oor Paulus se prediking geoordeel? Moes daar iets bykom, byvoorbeeld die **besnydenis**? Wat sê hulle van Titus, want in hulle beslissing oor Titus sou hulle hele beskouing oor die evangelie van Paulus aan die lig kom. Het hulle aangedring op sy besnydenis? En dan lui die uitslag: Nee, intendeel, "maar selfs is Titus... nie gedwing om besny te word nie, alhoewel hy 'n Griek is" (v.3).

Selfs Titus nie – dié woorde gee iets van 'n klimaks aan: As iemand van die gelowiges uit die heidene besny moes word, dan seker wel Titus, 'n medewerker van Paulus, 'n medeverkondiger van die evangelie, wat nou in Jerusalem was. Maar nee, ook hy, selfs hy, nie eens hy is daartoe gedwing nie.

Daarmee het die apostels in die voorbeeld van Titus ten sterkste standpunt ingeneem teen die dwaalleraars.

Drie maal beskryf Paulus die ander apostels as **die wat in aansien was** (vv.2, 6a, 6b). En in vers 9 sê hy dat hulle **as pilare geag** is. Blykbaar was dit hoe die Joodse dwaalleraars die apostels beskryf het. Hulle het hulle beroep op hierdie manne van aansien: hulle leer wat ons leer. Maar in vers 6 draai Paulus die hele argument teen hulle om en hy sê: **Maar van die wat in aansien was ... hulle dan wat in aansien was, het my niks meer opgelê nie**. Dit is weereens sterk gestel: Hulle wat julle teen my uitspeel, **hulle het my niks meer opgelê nie**. Dit wil sê: Hulle het by my evangelie niks bygevoeg nie. En in vers 9 verklaar Paulus: Hierdie mense wat julle as pilare van die kerk beskou – hulle het aan my en Barnabas **die regterhand van gemeenskap gegee**. By Hebreërs en Grieke was die gee van die regterhand 'n teken van bondgenootskap, van vriendskap en samewerking. Met die gee van die regterhand het die apostels Paulus verseker: Hulle eer en erken hom as mede-arbeider, bondgenoot in een en dieselfde evangelie.

En in Handeling 15 hoor ons dat Petrus in die vergadering opgestaan het en hoe hy vertel: God self het sy Heilige Gees aan die onbesnedenes geskenk, toe hulle tot geloof gekom het. Deur sy Gees aan onbesnedenes te gee, het God self verklaar: Die geloof alleen is genoeg. Daarmee het Petrus onomwonde vir die valse broeders gesê: As julle dan nogtans leer dat die gelowiges uit die heidene besny moet word, gaan hulle teen God self in. Dan versoek julle God. Daarby het Petrus gesê: Ons glo dat die gelowiges uit die besnydenis en die gelowiges uit die heidene op dieselfde manier gered word: deur die genade van die Here Jesus Christus. Deur die genade van die Here Jesus Christus – daardeur alleen.

En wat die gesag van Paulus as apostel betref: Hulle het God se werk in Paulus raakgesien. Hulle het herken dat God in hom werk en dat God hom geroep het as apostel.

3. Slot

As ons hierdie vergadering werklik in sy volle diepte wil begryp, moet ons dit lees in die lig van Galasiërs 2 vers 2:

- God self wou hierdie vergadering hê en God self het daarin gespreek - tot die gemeentes van Galasië en ook tot ons.
- Deur sy openbaring, deur sy Woord slaan die Koning self die rewolusie in die kerk teen die Woord af – dit openbaar ook iets aan ons vandag.

AMEN

Galasiërs nr 5

Lees: Gal.2:11-16

Teks: Gal.2:11-16

Psalms: 71:1; 86:6; 146:2; 146:3

1. Inleiding

Deur die eeue heen was en is daar kerktwiste. Dikwels was dit oor kleinlike sake. Kerkmense lê oorhoop met mekaar en kan nie versoen raak nie. Die uiteinde van baie van hierdie twiste in die kerk was en is baie keer dat mense die kerk verlaat het of dat kerke geskeur het. Dit is diep hartseer as mense die kerk, wat tog die liggaam van Christus is, verskeur deur kleinlikhede. Daar staan immers ook geskrywe: As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle (1 Kor 3:17).

Maar nie altyd was en is die twiste in kerke oor onbenullighede nie. Net soveel kere was die oorsaak van onenigheid en stryd in die kerk juis omdat die hart van die evangelie in gedrang was. Kerktwis kan noodsaaklik wees. Daar is ook so iets soos 'n heilsame kerkstryd en kerktwis. So was dit byvoorbeeld in die tyd van Luther en Calvyn. Die Reformasie en die breuk van Luther en Calvyn met die Roomse Kerk het nie oor 'n nietige sake gegaan nie. Dit het gegaan oor die uiters belangrike saak van regverdigmaking deur die geloof alleen. Is Christus alleen genoeg of moet daar by sy verlossingswerk ook nog die werke van die mens bykom.

Dit is ook die hart van die twis van Paulus met Petrus.

2. Twis in die kerk

Die Christene van Antiochië in Sirië het die gewoonte gehad om saam te kom vir gemeenskaplike liefdesmaaltye. Die voedsel wat andersins by die huis genuttig is, is na die saamkomplek van die gemeente gebring. Christene uit die Jode en Christene uit die heidene het saamgesit aan een tafel. Die eet aan een tafel het eenheid uitgedruk. Moontlik het met hierdie liefdesmaaltye ook saamgeval die viering van die Heilige Nagmaal.

Om die probleem in hierdie gedeelte goed te verstaan, moet ons die voedselwette van die Ou Testament ken en begryp. In Levitikus is daar 'n lang hoofstuk (11) oor rein en onrein diere. Die rein diere mag die Israeliete geëet het; die onreines, byvoorbeeld die vark, was verbode. Met hierdie wet wou die HERE sy Ou Testamentiese kerk iets leer: Die volk van God moet hulle weerhou van dit wat onrein, dit wat sondig is. Onreinheid was beeld van die onreinheid van die sonde en van die onrein heidendom. Die voedselwette was 'n sigbare onderwys aan die kerk: Sonder julle af van wat onrein is. Die kerk was in die Ou Testament nog in sy kinderskoene. Daarom het die HERE hulle soos kinders onderrig.

Maar met die koms van Christus het al hierdie seremoniële wette verval. Die kerk was nou nie meer in sy kinderstadium nie. Daarom het die Christene uit die heidene nie hierdie Ou Testamentiese voedselwette gehou nie. Die Christene uit die Jode het ook geen probleem daarvan gemaak dat die Christene uit die heidene voedsel geëet het wat die wet in die Ou Testament verbied het nie. 'n Christen mag gerus maar varkvleis eet. Op die vergadering (sinode) van Handeling 15 is ook uitdruklik besluit om die Christene uit die heidene nie te

belas met die Ou Testamentiese voedselwette en dinge soos die besnydenis nie. Hulle moes hulle slegs onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery (v.29).

Daar was dus niks mee verkeerd om saam met Christene uit die heidene aan tafel te sit nie, selfs al is die Ou Testamentiese voedselwette nie gehou nie. Aan hierdie liefdesmaaltye het Petrus ook deelgeneem. In vers 12 staan dat Petrus **gewoond was** om saam met die heidene te eet.

Maar op 'n dag het daar Jode uit Jerusalem in Antiochië aangekom. Paulus noem hulle **sommige van Jakobus**. Dit is Jakobus die broer van Jesus. Dit beteken nie dat hulle deur hom gestuur is nie. Hierdie Joodse Christene was van mening dat ook die heidene wat tot geloof in Christus kom, besny moes word. Boonop het hulle sterk daaroor gevoel dat die Christene uit die heidene wel die voedselwette van die Ou Testament moes hou. Daarom kon na hulle oortuiging Christene uit die Jode nie saam met heidene aan tafel sit nie, tensy die Christene uit die heidene die voedselwette eerbiedig.

En toe het daar iets heel ergs gebeur. Petrus het opgestaan van die liefdesmaaltyd. Hy het hom afgeskei van sy broeders uit die heidene. Vers 12 sê presies wat sy dryfveer was: Hy het dit gedoen **uit vrees vir die wat uit die besnydenis was**. Ja, wat sal die Jode wat van Jakobus af kom van hom dink as hulle sien dat hy saam met mense aan tafel sit wat nie besny is nie en nie die voedselwette van die Ou Testament eerbiedig nie.

Petrus laat hom dus nie lei deur die Woord nie, maar deur mensevrees.

Petrus is hier sekerlik nie die "rotsman" nie. Laat ons hom nie verwyf nie, maar ook nie op 'n troontjie sit nie. Naas sy heerlike belydenis dat Jesus die Christus is, staan sy verloëning en naas sy wandel op die see, sy sink. Hy was 'n mens soos ons. Ons is tot hink en sink geneig – almal van ons. Daarom, "wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie" (1 Kor.10:12). Baie mense doen dinge in 'n groep, wat hulle andersins nooit sou gedoen het nie. Ons praat van groepsdruk.

Petrus het **geveins**, staan daar. Dit beteken om toneel te speel. Jy doen jou anders voordoen as wat jy werklik is. Soos 'n akteur in daardie tyd sy gesig agter 'n masker weggesteek, so het Petrus sy oortuigings verberg. Die oortuiging van die mense van Jakobus was nie sy innerlike oortuiging nie, maar Petrus speel 'n rol en 'n slegte een daarby. Hy gee voor dat hy agter die beginsels van die mense van Jakobus staan.

Petrus het baie goed geweet dat dit nie verkeerd was om met die heidene aan een tafel te sit nie. In Handeling 10 en 11 hoor ons byvoorbeeld dat hy saam met die bekeerde heidense hoofman Cornelius aan tafel was. Dit het Petrus die kritiek van die Joodse Christene op die hals gehaal. Hulle het hom aangeval: "By onbesnede manne het jy in die huis gegaan en saam met hulle geëet" (Hand.11:2). Aan hierdie kritiek het Petrus nie toegegee nie. Hy het homself verdedig (Hand.11:3-18) en daarop gewys dat God self met die hemelse gesig aan hom geopenbaar het dat daarmee niks verkeerd was nie: Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie. Drie maal het God dit vir hom gesê – drie maal. En om net nog een ding te noem: Petrus was self deel van die besluit van die vergadering in Handeling 15 dat die heidene nie belas hoef te word met die wet van die besnydenis en die voedselwette nie.

Petrus gaan dus teen sy eie beterwete in. Hy speel toneel. Ondanks die feit dat hy van beter geweet het.

Maar dit is nie al nie. Ook al die ander Jode in Antiochië laat hulle deur die toneelspel van Petrus meevoer. Sy optrede veroorsaak 'n kettingreaksie. En dit kring nog verder uit, want selfs Barnabas, Paulus se metgesel op sy sendingreise na die heidene, laat hom meevoer. Wat 'n skade kan die slegte voorbeeld van 'n groot man in die kerk nie veroorsaak nie.

'n Mens vra jou af: Hoe op aarde is dit moontlik dat Petrus so diep kon val. Maar kort tevore het hy self daarteen beswaar gemaak dat van die Christene uit die heidene verwag word dat hulle die voedselwette moet hou. Helder en duidelik het hy die leer van genade alleen gepreek. Laat wat Luther in hierdie verband sê, vir elkeen van ons 'n groot les wees: "Dit is gevaarlik om op ons eie krag te vertrou. Want selfs in dinge wat ons goed ken, kan ons dwaal en ander ook in gevaar bring, soos wat Petrus gedoen het. Ons is niks nie, ten spyte van ons groot gawes, as God nie met ons is nie. As Hy ons nie voortdurend ondersteun nie, is die hoogste geleerdheid niks werd nie".

In die gemeente van Antiochië het die situasie hopeloos gelyk. Die groot Petrus en al die Joodse Christene, almal van hulle, voeg hulle huigelagtig aan die kant van die mense wat leer: By Christus se werk moet ook die Ou Testamentiese wette kom. Dit lyk asof alles verlore is.

Maar wie staan dan skielik op in die saal? Niemand minder as Paulus, die apostel vir die heidene, nie.

Hy was self ook 'n Jood, maar hy is hewig verontwaardigd oor wat gebeur. Hy spreek Petrus aan, want Petrus het daartoe aanleiding gegee. Vir geen oomblik deins Paulus vir Petrus terug nie. Hy vermaan hom in die openbaar – in die teenwoordigheid van die afgevaardigdes van Jakobus. Teenoor Petrus se mensevrees staan Paulus met sy moedige optrede. Hy is nie bang om op sy beginsels te staan nie.

Luther se kommentaar by hierdie teks is so heerlik bemoedigend ook in ons tyd waarin dit lyk asof die meerderheid geleerdes en die grootste gros lidmate die suiwer Gereformeerde leer die rug toekeer. Want, sê Luther: "Dit is wonderlik dat God sy kerk en evangelie bewaar deur net een persoon". Paulus alleen staan vir die waarheid; want Barnabas, sy metgesel, het hy verloor en Petrus was teen hom". Paulus staan stoksiel alleen. Maar, vervolg Luther: "Soms kan een man in 'n sinode meer doen as die hele sinode self". God het nie 'n groot skare geleerdes en 'n massa professore en doktore en dominees nodig om sy evangelie staande te hou nie. Een man, geleerd of ongeleerd, is meer as genoeg – een man wat met die Woord alleen, met die Almags-woord van God kom.

Sommiges voel dat Paulus te hard was. Was dit werklik nodig om Petrus so in die openbaar aan te val? As jy dit vandag met mense doen, loop hulle uit die kerk uit.

Ek vra weer: Was dit regtig nodig om Petrus in die publiek, in die midde van die gemeente, trompop te loop? Was hierdie kerktwis nou werklik nodig? En kom ons vat dit nog 'n stap verder: Was dit nou regtig nodig om hierdie publieke skandaal nog wêreldkundig te maak deur dit in 'n brief aan die Galasiërs en aan die kerk van alle tye te skryf? Die antwoord is 'n onomwonde ja. Want die hart van die evangelie was in die geding.

In vers 14 staan daar dat Paulus iets gesien het. Wat het Paulus **gesien**? Hy het gesien: Petrus en die ander Jode **loop nie reguit volgens die waarheid van die evangelie nie**. Paulus deursien die saak. Dit gaan om 'n geestelike geestelike insig, 'n sien met die oog van die geloof, verlig deur die Heilige Gees. Hy sien wat die erns van die probleem is. Hy sien dat Petrus-hulle afwyk van die waarheid van die evangelie. Met **die waarheid van die evangelie** bedoel hy: die blye boodskap dat sondaars, wat niks anders as die dood verdien het nie, uit louter genade, slegs op grond van die verdienste van Christus, geregverdig word. Hierdie spoor het Petrus en sy volgelinge nie gevolg nie.

En dan sê Paulus presies wat hy bedoel: Waarom, Petrus, waarom **dwing** jy die heidene om soos Jode te lewe? Die woordjie "dwing" is hier van die grootste belang. Van Petrus se voorbeeld het daar 'n dwang tot die Christene uit die heidene uitgegaan. Want watter afleiding moes hierdie mense maak toe Petrus so openlik die kant kies van die wat leer: As jy nie besny word en die voedselwette hou nie, kan jy nie gered word nie? Petrus dwing met sy verkeerde voorbeeld die onderhouding van allerhande wette af.

Petrus het hom in die openbaar die leer van genade alleen in die ernstigste gevaar gebring. Daarom moes hy ook in die publiek tereggewys word. Ons moet ook goed begryp: Paulus het dit nie gedoen maar net om Petrus op sy plek te sit nie. Paulus het hierdie saak in die openbaar gebring omdat én Petrus én die Galasiërs én ons vir eens en vir altyd moet weet: Die mens word nie geregverdig uit die werke van die wet nie.

In vers 15 en 16 kom Paulus tot 'n samevatting van die probleem: Selfs ons wat Jode is, ons wat die wet van die Here gehad het, "selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus en nie uit die werke van die wet nie". En dan sê Paulus ook waarom selfs die Jode nie op wetswerke gesteun het vir hul saligheid nie: **Omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie**. Die mens is **vlees**: swak, totaal onbekwaam om die wet te hou.

Dit is die eerste keer dat Paulus die woordjie "**geregverdig**" in die brief aan die Galasiërs gebruik. Dit is 'n woord uit die regs-wêreld. 'n Regter verklaar 'n beskuldigde onskuldig; hy verklaar die aangeklaagde regverdig. In die Bybel ontmoet ons God as Regter. Hy verklaar die sondaar onskuldig en heeltemal regverdig voor hom.

Onregverdiges word deur die mees regverdige, volmaakte Regter regverdig verklaar. Hoe is dit moontlik? Daar vind 'n wonderlike ruil plaas, sê Luther. Christus se volmaakte gehoorsaamheid, sy regverdigheid, word ons toegereken en geskenk (Rom.5:19; 1 Kor. 1:30; vgl. HK 23:60). Ons ongeregtheid daarenteen word op die sondelose Christus gelê en Hy dra die straf wat ons verdien het. Wat 'n ruil!

3. Slot

Die regverdiging deur die geloof alleen – hier het ons die vernaamste geloofsartikel van die kerk, sê Luther. As ons dit ken, is ons in die helderste lig; maar as ons dit nie ken nie, is ons in die mees ellendige duisternis.

Daarop moet ons staan – al veroorsaak dit twis en skeuring.

Want met hierdie artikel staan of val die kerk. Daar is geen ander manier waarop ons gered kan word nie.

AMEN

Galasiërs nr 6

Lees: Gal.2:17-21; Hand.9:1-22

Teks: Gal.2:17-21 (Galasiërs nr.6)

Datum: 12 Desember 2010

Psalms: 138:1; 65:2,3; 138:2,3; 119:1; 119:62

1. Inleiding

Wat is bekering? O, sê u miskien, dit is om jou lewe te verander, om sekere slegte dinge te laat staan, ensomeer. En u is heeltemal reg. Maar daar is nog iets waarvan ons ons moet bekeer: van ons pogings om self, deur ons goeie werke, die hemel te verdien. Ons moet ons **bekeer tot God se genade**. Ons moet leer om ons verlossing heeltemal in Christus alleen te soek.

En - ons kan dit nie self doen nie. **Christus moet dit doen**. Christus moet ons bekeer en Hy doen dit **deur twee dinge: deur die wet en deur die kruis**. Deur die wet en die kruis word ons bekeer.

By hierdie twee gedagtes wil ek daarom met u stilstaan:

1. dat ons gedood en lewend gemaak word deur **die wet** van Christus;
2. dat ons gedood en lewend gemaak word deur **die kruis** van Christus.

2.1. Dat ons doodgemaak en lewendgemaak word deur **die wet** van Christus

Op die pad na Damaskus jaag 'n klompie manne. Wie is dit en wat gaan hulle doen? Die leier van die groep is 'n man met die naam van Saulus. Hulle oogmerk is: die vervolging van die dissipels van die Here.

Maar plotseling word Saulus omstraal deur 'n helder lig van die hemel af. Hy val op die grond en hy hoor 'n stem vir hom sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My? En hy sê: Wie is U, Here? En die Here antwoord: Ek is Jesus wat jy vervolg (Hand.9:3-5). **Vervolger van Jesus** – daarmee is kort en kragtig die hele lewe van Paulus tot op daardie stadium saamgevat. Maar deur hierdie gebeurtenis kom daar 'n **180 grade ommakeer** in sy lewe. Want in Handeling 9 vers 20 lees ons: **En hy het dadelik Christus in die sinagoges verkondig**.

Is dit nie geweldig nie: Van Christus-vervolger tot Christus-verkondiger? Dit is hierdie wonder wat ook in ons teksverse aan ons verkondig word. 'n Vervolger word 'n volger. 'n volgeling.

Galasiërs 2 vers 19 gryp terug na hierdie Damaskus-gebeurtenis. In die lig van Galasiërs 2 vers 19 sal u beter begryp presies wat daar op die pad met Paulus gebeur het. Galasiërs 2 vers 19 gee nadere toeligting van wat met Paulus gebeur het.

Wie en wat was Paulus voor sy bekering? Hy was 'n Fariseër. Hy was 'n lid van die strengste godsdienstige party van daardie tyd. Hy was dus iemand **met die wet in eie hand**: Met die die wet in eie hand wou hy self – **eie-handig** – sy saligheid verdien. Maar so lyk almal van ons van nature. Die Bybel beskryf dit as **die ou mens** in ons. Met die ou mens bedoel die Woord

van God: die mens wat nie van God se genade wil leef nie, die mens wat Christus nie nodig het nie, die mens wat oortuig is dat hy self in mindere of meerdere mate die wet kan vervul, die mens wat meen dat hy in mindere of meerdere mate 'n bydrae tot sy saligheid kan lewer.

Dit moet u dus sien as u Paulus daar sien ry op weg na Damaskus: die ou mens, Paulus, die mens met die wet in sy hand, die mens teen Christus en sy genade. Maar opeens is daar die helder lig en – die ou mens val op die grond, morsdood. Nee, ek bedoel nie dat Paulus liggaamlik daar gesterf het nie, maar daar op die Damaskus-pad het die ou mens in hom die doodslag gekry.

Hier is twee vrae van die uiterste belang: 1. Wat het die ou mens in Paulus, doodgeslaan? En: 2. Wie het hom doodgeslaan?

Galasiërs 2 vers 19 sê vir ons wat daar gebeur het: "**Deur die wet is ek vir die wet dood**".

Christus met sy verskyning op die Damaskuspad – 1. Christus het die ou mens in Paulus doodgeslaan – 2. **deur die wet**. Die wet self was die instrument in die hand van Christus om die ou mens in Paulus dood te maak. Wat het dan gebeur? Hoe het dit gebeur? Toe die hemellig Paulus omstraal het, is hy deur Jesus Christus geplaas voor die spieël van God se wet. Voor die tyd was hy blind vir die diepste eise van die wet. In sy Farisese eiewaan, in sy ou-mens-hoogmoed, was hy oortuig: Ek kan die wet hou. Maar daardie dag is sy oë geopen en hy het homself gesien in die spieël van God se heilige wet. Toe het hy homself gesien soos hy was: Van nature geneig om God en my naaste te haat (HK 2:3), onbekwaam tot enige goed en geneig tot alle kwaad (HK 3:8).

Deur die wet is ek **vir die wet dood** – daarmee bedoel Paulus nie dat hy hom heeltemal van die wet losgemaak het nie. O nee, Paulus weet baie goed dat ons die wet nog moet hou uit dankbaarheid. Maar wat hy wel wil sê, is: Hy het opgehou om deur goeie werke, deur wetswerke, self sy saligheid te probeer verdien. Christus het hom deur die wet laat sien in sy sondigheid, in sy magteloosheid om die wet te kan onderhou.

Eers was die wet in sy hand. Die wet was vir hom 'n middel, 'n instrument om self sy verlossing te verdien. Maar hier leer ons: Die wet is nie verlossingsmiddel **in ons hand** nie. Nee, maar die wet is wel redmiddel **in Christus se hand**. Want God kom na ons toe met die wet in sy hand. En deur die wet oortuig Christus ons van ons sondigheid en doemwaardigheid en deur die wet dryf God ons na die enigste heil wat daar is: sy Seun. Dit is die bedoeling van God met sy wet: sodat ons daardeur gedurende ons hele lewe ons sondige natuur hoe langer hoe beter kan leer ken, en met groter verlange na die vergewing van sondes en na die geregtigheid in Christus kan soek (HK 44:115).

Ons moet in hierdie geskiedenis van Handeling 9 tog skerp raaksien: Paulus kom nie self tot die ontdekking dat hy die wet nie kan hou nie. Dit is eers wanneer die Seun van God hom in spore stuit en wanneer hy deur die hemellig omstraal word, dat Paulus geestelik siende word.

Dit is vandag ook nie anders nie. Wat help 'n spieël 'n blinde? Hoe mooi die spieël ook al is, die blinde kan homself nie daarin sien nie. En so is ons. Ons dink nogal baie van onself en van ons eie vermoëns om die wet te kan hou. En ons dink dat ons nogal heelwat kan doen van die dinge wat in die wet staan en dat ons tog nie so sleg is nie – totdat, totdat ons Here Jesus Christus ons blinde oog deur sy Heilige Gees verlig. Dan sien ons onself in die spieël

van die wet in al ons naaktheid. Dan sien ons hoe nodig ons Christus het. Dan sterf die ou mens in ons.

Paulus sê: Hy is deur die wet vir die wet dood **om vir God te lewe**. Paulus as Fariseër, Paulus as mens met die wet in die hand, het nie vir God geleef nie. Hy was geestelik dood. Hy was 'n vervolger van die gemeente, 'n teenstander van Christus en iemand wat die dood van Stefanus goedgekeur het. Hy het eers vir God begin lewe, toe hy van genade alleen begin leef het.

Wat is bekering? Ons katekismus sê dit in Sondag 33. Dit is die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens. In die lig van ons teksgedeelte moet ons sê: Bekering is om heeltemal van genade alleen te leef. En juis dit is die sonde van die ou mens: dat hy dit nie wil doen nie.

Ons kom by die tweede gedagte dat ons

2.2. doodgemaak en lewendgemaak word deur **die kruis** van Christus

Ek is met Christus gekruisig, sê Paulus in vers 20.

Hierdie woorde moet ons nie letterlik verstaan. Ons moet dit nie so uitlê asof Paulus self liggaamlik aan die kruishout van Golgota gehang het nie. Nee, Paulus verwys na die geskiedkundige gebeurtenis van die kruisiging van Christus en dan sê hy: Toe Christus aan die kruis gehang het, was ek wat Paulus is, by Hom ingesluit. Dit gebeur deur die geloof, wanneer ons deur die geloof in Christus en sy kruis ingeplant word.

"Ek is met Christus gekruisig". En dan sê Paulus wat **die gevolg** daarvan in sy lewe was: "En ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my".

Ek leef nie meer nie. Paulus het dus daar aan die kruis gesterf. Ook dit moet ons nie letterlik opvat so asof Paulus liggaamlik dood is nie. Wat die apostel wel bedoel is: Die Fariseër in hom, die ou Fariseër wat sy verlossing self wil uitwerk en sy saligheid self wil verdien met sy eie goeie werke, is op Golgota gekruisig en het gesterf. Die ou mens in hom, wat God se genade nie nodig het nie, is dood.

In die Grieks staan die "ék" en die "Christus" telkens aan die einde van die sin. Dit word dus skerp teenoor mekaar gestel: nie ék nie, MAAR Christus. Ons kan dit ook so vertaal: **ék, ék** leef nie meer nie, MAAR **Christus, Christus** leef in my". In die plek van my "ek" het iemand anders gekom. Christus het in die plek van my ou mens gekom. My ou mens is dood. My ou mens leef nie meer nie, maar Christus leef in my.

Christus leef in my. Daarmee bedoel Paulus: Christus en sy geregtigheid beheers nou sy lewe. Hy probeer nou nie meer self om die geregtigheid voor God te verdien nie. Hy probeer nou nie meer self om dinge tussen hom en God reg te maak nie. Hy leef nou van Christus se gehoorsaamheid aan die wet. Wat hy nie kon doen nie, dit het Christus vir hom gedoen: Christus het die wet vervul en Christus se gehoorsaamheid word hom toegereken en geskenk asof hy dit self alles gedoen het.

En dan lig Paulus nog verder toe wat hy bedoel: "En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het".

Terwyl hy nog in die vlees leef, d.w.s. terwyl hy nog op aarde in hierdie liggaam die tydelike lewe leef, **sal hy deur die geloof lewe**. Daardeur word die lewe van Paulus nou beheers: deur die geloof - deur die geloof en nie deur werke nie.

En dan sê Paulus baie presies wat die inhoud van sy geloof is. Dit gaan nie om enige geloof nie, maar heel spesifiek om geloof in "die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het". Geloof in Christus wat Hom in sy ontsaglike groot liefde oorgegee het aan die kruis, tot in die diepte van die ewige dood (Ef.5:2,25).

DIT is die hele geheim van Paulus se nuwe lewe: die kruis. Daar lê die oorsprong van sy lewe vir God: Hy leef deur die geloof in die Seun van God wat hom liefgehad het en Homself vir hom oorgegee het.

Ek kom weer terug op die vraag waarmee ek die vorige punt geëindig het: Wat is bekering? En die Kategismus sê: Bekering is die afsterf van die ou mens. Dit sluit ook in die afsterf van die sonde om nie van genade alleen te wil leef nie.

Maar hoe sterf die ou mens? Dit gebeur aan die kruis en deur die kruis. Galasiërs 2 vers 20 sê dit: Ek is met Christus gekruisig en ek leef nie meer nie. En in navolging van die Skrif sê ons Heidelbergse: Deur die krag van Christus word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe.

Op Golgota sterf die ou mens. Dit is waar. Maar dit wat daar op die heuwel van Golgota gebeur het, moet ook **in** ons gebeur. Dit is nie genoeg dat die kruis ingeplant staan in die grond van Golgota nie. Die Heilige Gees moet die kruis ook plant in die grond van ons hart. Ek bedoel maar: Sonder geloof in die kruis is die kruis vir ons niks werd nie. Dan leef die ou mens nog steeds in ons.

Dit is so noodsaaklik dat Christus ons deur sy Heilige Gees moet oortuig van ons eie kragteloosheid en magteloosheid. As ons nog vol is van ons eie krag en ons eie vermoëns is daar geen ruimte vir die krag van Christus in ons hart en lewe nie. Hy moet ons breek in ons self-vertroue. Ons moet ons bekeer tot Christus, tot die krag van sy kruis. Die Heilige Gees moet ons deur die geloof in Christus inplant. So alleen sterf die ou mens in ons. So alleen kry ons deel aan Christus en aan al sy weldade.

3. Slot

Wat is die geheim van ons nuwe lewe? Daarop is daar maar een antwoord: Christus.

Dit is Christus wat deur die wet en deur die kruis die ou mens in ons doodmaak.

Daarom moet ons ook bid: Here open my oë vir u wet en skenk my geloof in die gekruisigde Jesus.

AMEN

Galasiërs nr 7

Lees: Gal.3:1-9

Teks: Gal.3:1-9 (Galasiërs nr.7)

Psalms: 98:1,2; 98:3,4; 121:1,2; 71:1,2; 75:1

1. Inleiding

As u my vra waaroor moet dit gaan in elke preek, dan antwoord ek u: Oor Jesus Christus wat gekruisig is in die eerste plek, in die tweede plek en in die derde plek. Daar is niks wat belangriker is as dit nie. Daarin word die hele boodskap van die Bybel saamgevat. Daardeur alleen word ons verlos.

Maar juis daarom is daar ook niks wat die duiwel liever wil doen as om ons aandag van Jesus Christus wat gekruisig is, af te trek nie.

Hy doen dit ook deur vir ons te sê: Christus alleen is nie genoeg nie. Sy werk moet aangevul word deur ons werke. Hierdie sogenaamde evangelie het al sy duisende verslaan. Dit betower mense. Dit spreek die ou mens in ons aan. Mense wil tog so graag iets doen. Dit sien ons ook in Galasië gebeur.

1. Ons sien die gemeentes betower deur dwaalleer;
2. maar ons sien ook hoe die betowering verbreek word.

2.1. Die gemeentes betower deur dwaalleer

In Galasiërs 3 vers 1 skryf Paulus waarom dit vir hom in sy hele bediening in Galasië gegaan het: Voor die oë van die Galasiërs is **Jesus Christus wat gekruisig is**, afgeskilder. Dit was die inhoud van al sy preke, van sy katekisasie en van sy huisbesoek, van sy hele bediening: Jesus Christus wat gekruisig is. Vgl 1 Korintiërs 2:2: “Want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.”

Paulus sê: Hy het Jesus Christus voor die oë van die Galasiërs **afgeskilder**:

Hierdie woord **afskilder** kan beteken: om iets in die publiek op te plak op so iets soos 'n kennisgewingbord, sodat almal dit kan sien en lees. Die owerhede van destyds het dit gedoen as hulle wette wou bekendmaak: Dit is teen pilare opgeplak. Op die manier het hulle gesorg dat almal dit met hulle eie oë kon lees. Niemand kon dan later sê: "Ek het nie geweet nie". So, sê Paulus, het hy onder die Galasiërs van Jesus Christus gespreek: Christus en sy kruis is in alle duidelikheid aan die gemeentes voor oë gehou in Paulus se preke. Hulle het geen verskoning gehad nie.

Ons kan by die woord **afskilder** ook dink aan 'n skildery (Calvyn). Om aan die Galasiërs te wys hoe kragtig sy prediking was, vergelyk Paulus sy prediking met 'n skildery: Op só 'n lewendige manier is Christus vir hulle in die prediking geteken, dat hulle Christus soos in 'n skildery, voor hulle gesien het. Jesus Christus is só duidelik aan hulle verkondig dat hulle Hom as 't ware in hulle midde aan die kruis kon sien hang.

Wat moet dan vandag ook op die skildery van die prediking staan? Ja, Jesus Christus, maar dan heel spesifiek Jesus Christus **as gekruisig**.

Die **as gekruisig** staan in die Grieks aan die einde van die sin. Dit word benadruk. Paulus het nie sommer enigiets geskilder, maar hy het heel spesifiek gepreek oor Jesus Christus wat gekrusig is. En dan het hy op so 'n manier oor Jesus Christus en sy kruis gepreek, dat die gemeentes kon sien wat die betekenis van Jesus Christus se kruis vir hulle is. Hy het naamlik aan die Galasiërs verkondig: Deur die een offer van Christus is ons skuld voor God volkome betaal. Deur die kruis van Jesus Christus is ons volkome regverdig voor God. Daar hoef nie nog iets van ons kant by te kom nie: nie die wette van die Ou Testament, nie die besnydenis, nie ons goeie werke of wat ook al nie.

Dit is wat prediking is: om Christus en sy kruis in die publiek te verkondig en dan op só 'n manier dat die mense Christus en sy kruis as 't ware voor hulle oë, voor die oog van die geloof, aanskou en sien in sy betekenis vir die hede. Die mense moet in die prediking gekonfronteer word met Christus wat gekruisig is. Hy moet so verkondig word dat ons hart daardeur aangegryp, dat ons daarby betrokke voel.

Calvyn sê: As dominees die evangelie regtig goed wil preek, moet hulle die mense se gewetens só aanspreek en só binnedring, dat hulle die gekrusigde Christus sien en die vergiëting van sy bloed voel.

Maar dan sê Calvyn daarby 'n baie belangrike ding. Hy sê: om Christus só kragtig, só lewendig voor oë te stel – dit kom nie deur 'n goeie voordrag nie, maar net deur die krag van die Heilige Gees.

Dit is daarom so nodig dat ons sal bid dat God deur sy die Heilige Gees in prediker en in prediking werksaam sal wees en ons Jesus Christus en sy kruis in al sy heerlikheid en rykdom sal laat sien:

- Die Heilige Gees is die Een wat dominees goeie skilders maak.
- En die Heilige Gees is ook die Een wat lidmate oë moet gee om die mooi skildery te kan sien en te kan waardeer.

Jesus Christus as gekruisig is dus aan die gemeentes van Galasië geskilder. Maar toe het daar iets heel ergs gebeur: Dwaalleraars het die gemeentes binnegedring. U weet hoe waansinnige mense van tyd tot tyd probeer om beroemde skilderye te verniel. Die beroemde skildery van Rembrandt, die Nagwag, het al 'n paar keer onder die mes van fanatici deurgeloop. Met so iets kan ons die dwaalleraars se optrede in Galasië ook vergelyk: vernielers van die mooi skildery van Christus wat gekruisig is, Christus wat alles gedoen het om ons te verlos. Hulle het die skildery vermink deur te leer: Christus alleen is nie genoeg nie. By die offer van die kruis moet nog ons wetswerke kom, die besnydenis en nog 'n paar werke.

En die lidmate het onder die betowering van hierdie mense se preke gekom. Verbysterend, nie waar nie? Hier is mense wat die mooi skildery van die kruis onder oë gehad het, maar toe hierdie dwaalleraars kom met hulle boodskap, is hulle betower.

Hoe op aarde is dit moontlik?

- Ons moet die krag van die duiwel en sy lis nooit onderskat nie – ook nie vandag nie.

- Daarby is ons so swak dat ons vir geen oomblik staande kan bly uit ons eie nie. Die Galasiërs is betower deur die woorde van die dwaalleraars. Hulle het onder die indruk daarvan gekom. Hulle oë is verblind deur die dwaalleer, sodat hulle nie meer ingesien het dat Christus alleen ons verlos nie.

'n Mens kan die ontsteltenis van Paulus hoor, wanneer hy sê: **O, onverstandige Galasiërs.** Ons moet nie dink dat die apostel daarmee maar net sê dat hulle dom is nie. Onverstandigheid of dwaasheid het niks met 'n lae IK te make nie. Die woord **onverstandig** of dwaas het 'n baie ernstiger betekenis. Dwaasheid is om af te wyk van die Woord. Wysheid daarenteen is om uit die Woord te leef en dit in jou lewe toe te pas. Wysheid het ook alles te make met Christus en sy kruis. Hy word die wysheid van God genoem (1 Kor.1:24,30; 2:7). As ons alles van Hom alleen verwag, ons verlossing van die skuld en die mag van die sonde – dan is ons waarlik wys.

Ons leef in 'n tyd van valse verdraagsaamheid. Ons meen: Dit is nie so erg as sektes leer dat ons by die werk van Christus nog iets van onself moet voeg nie. Maar die Bybel noem dit dwaasheid. Die Bybel sê: Wie dit doen, gaan weg van die Heilige Gees wat Christus bring. Wie enigsins vertrou op eie werke eindig by die vlees, by sy eie krag. Dan is jy nie meer by Christus nie. Daar is geen tussenweg nie: Christus is vir ons of alles of niks nie.

Maar ons kom by die tweede:

2.2. Hoe Paulus die betowering van die dwaalleer verbreek

'n Paar jaar gelede was dit in die nuus hoe daar van 'n bekende skilder se werke namaakselfs, vervalsings, gemaak is. Daarmee kan ons die leer van hierdie valse apostels vergelyk. Die skildery van die dwaalleraars was 'n namaaksel. Dit is nie die egte, die oorspronklike evangelie nie. Dit is nie die ware evangelie nie. Dit kan nie red nie. Nou is dit egter met gewone skilderye al so moeilik om die egte skildery van die vervalsing te onderskei. Met dwaalleer is dit nóg moeiliker.

Hoe bewys Paulus dat sy prediking van Christus alleen reg is en dat die dwaalleraars se preke van Christus plus ons goeie werke verkeerd is?

Hy doen dit met die Woord. Paulus doen twee dinge: Eers wys hy die Galasiërs op hulle eie ervaring en tweedens wys hy hulle op die voorbeeld van Abraham. Hy wys hulle dus op God se openbaring in hulle ervaring en God se openbaring in die lewe van Abraham.

1. In die **eerste** plek wys hy die Galasiërs op ***hulle eie ervaring van God se werke***.

In vers 2 en 5 vra hy aan hulle: Hoe het julle destyds, toe julle tot geloof en bekering gekom het, die Heilige Gees ontvang? Het God julle sy Heilige Gees gegee en kragte, wonders onder julle gedoen, omdat julle die wet onderhou het? Of het julle die Heilige Gees ontvang, omdat julle die evangelie geglo het? Het julle die Heilige Gees deur goeie werke ontvang of deur geloof alleen?

Dit is duidelik wat die antwoord op hierdie vraag is. Paulus het na Galasië gekom en die evangelie aan hulle gepreek. Die Galasiërs was nie besny nie. Hulle het nie allerhande wette onderhou nie. Inteendeel, hulle was nog onbesnede heidene. Maar toe hulle tot geloof in die gekruisigde Jesus gekom het, het hulle die Heilige Gees ontvang en sy kragtige werking ervaar.

In Handelinge 14 vers 6 tot 10 het ons voorbeeld van hulle **ervaring**, van God se **openbaring** aan hulle in hulle lewe. In Listre, 'n dorp in die landstreek Galasië, het daar 'n man gesit wat kreupel was van sy geboorte af. Hy het geluister, terwyl Paulus preek en toe Paulus sien dat hy **geloof** het om gesond te word, het die apostel met 'n groot stem gesê: Staan regop op jou voete. Daar het ons 'n praktiese voorbeeld dat God die kragte onder die Galasiërs gewerk het uit die prediking van die geloof. Deur die wonder van die prediking het dié man tot geloof gekom en as vrug van prediking van geloof het God die wonder gedoen en hom genees. Hy is nie gesondgemaak, omdat hy besny was nie, maar deur die geloof alleen. Deur die geloof alleen het hy die wonder van God se verlossing ervaar.

Handelinge is die boek wat vertel van die apostels wat al prekende deur die land gegaan het. Oral waar hulle gekom het, het die apostels maar een ding gedoen: Hulle het Christus, sy kruis en opstanding, in die preke afgeskilder. Ja, dit is wat hulle gedoen het: Hulle het die skildery van Golgota deur die wêreld gedra en aan mense laat sien. En oral waar mense deur hierdie mooiste skildery ooit aangegryp is en tot geloof gekom het, daar het hulle die Heilige Gees ontvang.

Die Heilige Gees ry as 't ware op die wa van die prediking van die gekruisigde Christus die gemeente en die mensehart binne. So word die Heilige Gees, die groot Gawe van die eindtyd, ontvang. Hy maak wat dood is lewend. Hy maak van 'n sogenaamd goeie mens 'n skuldbewuste sondaar, iemand wat van genade alleen wil lewe.

➔ Telkens is die Gees DUS ontvang wanneer mense tot geloof in die prediking gekom het.

2. En dan kom Paulus met 'n **tweede** argument teen die dwaalleraars: **die voorbeeld van Abraham**.

Paulus neem as 't ware die Bybel van daardie tyd, die Ou Testament, in sy hand. In die Woord laat hy die gemeentes sien: Sy leer, die leer van geregtigheid deur die geloof alleen, is nie 'n nuwe leer is nie. Hierdie leer is alreeds by Abraham te vinde.

Paulus vat die gemeentes terug na Genesis 15. Op 'n dag het die HERE aan Abraham verskyn en hom na buite geneem en beveel: "Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees" (v.3). Dit was God se belofte aan Abraham. Mensliker wys gesproke was dit nie moontlik dat hierdie belofte in vervulling kon gaan nie. Immers, Sara was onvrugbaar en sy en Abraham was alreeds op ver gevorderde leeftyd. Maar hoe onmoontlik dit ook al gelyk het dat hierdie belofte waar kon word, Abraham het die HERE geglo. En dan staan daar: Die HERE het hom hierdie geloof tot geregtigheid gereken (v.6).

In Rom.4:9-12 kom Paulus weer terug op die geskiedenis van Genesis 15. Daar wys hy weer daarop: Abraham is nie regverdig, omdat hy iets gedoen, wetswerke gedoen het nie. Nee, hy is geregverdig deur die geloof alleen, net omdat hy God se belofte geglo het. Daarby voeg Paulus die argument: Die wet en die besnydenis was op daardie stadium nog nie eens gegee nie. Die besnydenis het eers later, in Genesis 17, gekom en die wet nog veel later. Die wet, die besnydenis, het dus geen rol gespeel in Abraham se regverdiging nie, maar net die geloof alleen.

Dit is van die uiterste belang dat ons sal sien hoe Paulus die betowering van die dwaalleraars verbreek: Hy doen dit met die Bybel. Die Woord is die swaard van die Gees (Ef.6:17). Paulus

kom met die Ou Testament, met die voorbeeld van Abraham. Hy kom ook met die Nuwe Testament, met die ervaring van die Galasiërs. In die lig van die Skrif word dit duidelik: die skildery van die dwaalleraars is 'n namaaksel. Dit is nie die evangelie nie.

3. Slot

In die Woord word aan ons 'n skildery voorgehou. Op daardie skildery staan Christus en sy kruis. Die Bybel is nie 'n skildery van wat **ons** moet doen om gered te word nie. Dit is die skildery van wat **Christus alleen** gedoen het om ons voor God te regverdig.

Daaroor moet dit ook vandag in die prediking gaan: dat predikers deur die krag van die Heilige Gees die grootste kunswerk ooit aan u sal laat sien: die skildery van die kruis. Maar blindes kan 'n skildery nie sien en waardeer nie. Daarom moet ons voortdurend bid dat die Heilige Gees ons die oog van die geloof sal gee, sodat ons met verwondering sal kyk na wat Jesus Christus en Hy alleen gedoen het deur sy kruis om ons te red.

AMEN

Galasiërs nr 8

Lees: Gal.3:10-14

Teks: Gal.3:10-14 (Galasiërs nr.8)

Datum: 9 Januarie 2011

Ps's: Ps 122:1,2; Geloofsbelydenis; 119:2,3; 119:4,5; 119:6,7,11

1. Inleiding.

Die evangelie is die blye boodskap van die kruis van ons Here Jesus Christus. In die evangelie kom ons te staan voor die kruis van ons Heiland.

Maar die evangelie is ook die boodskap van die kruis-PAD. Ons word voor twee paaie geplaas: die weg van die kruis of die pad van die wet. Ons moet kies. Dit is een van die twee: óf die pad van die geloof in Jesus Christus wat vir ons alles gedoen het óf die weg van selfverlossing, die pad van self werk vir jou verlossing. Hy alles óf ons alles.

Hier is ook nie 'n middeweg moontlik nie: dit is óf die een óf die ander. Of u kies volledig vir Jesus en sy kruis of u begin self vir u 'n pad oopkap na die hemel deur u goeie werke. Of Jesus is vir u die een en die al, of Hy is vir u niks nie. Of u steun met die volle gewig van u lewe op Hom en op Hom alleen of u leun glad nie op Hom nie, maar u soek u houvas in u werk vir die kerk en in u wonderlike vroomheid. Dit is die een of die ander. U moet hier 'n radikale keuse maak.

Tog was daar deur die eeue heen mense wat nie die drastiese keuse wou maak nie. Hulle wou albei weë vashou: Jesus plus my goeie werke; Jesus plus al my harde arbeid vir die koninkryk van God.

Sulke Christene was daar in Galasië. Hulle het geglo: Jesus én my wetsonderhouding, Jesus plus die seremonies van die wet, Jesus én die besnydenis - dit is die pad na die hemel toe.

Sulke mense is daar vandag nog baie in die kerk. Vra jy hulle hoekom hulle dink dat hulle die ewige saligheid sal binnegaan, dan begin hulle uitwei oor hulself, oor wat hulle gedoen het, oor hulle kerklike aktiwiteite en meelewendheid, dat hulle darem nie so sleg is nie.

Vele sektes in ons tyd lê soveel nadruk op die mens en wat die mens alles moet doen, dat hulle leer eintlik niks anders is as die kruis plus die wet nie.

Baie mense wil dus albei paaie vashou. Maar dit - dit verstaan u tog -, dit is die grootste dwaasheid. By 'n kruispad kan jy tog nie op altwee paaie begin loop nie. U kan ook nie sommer u eie pad, die sogenaamde goue middeweg, begin maak nie. Dit is óf die weg van die kruis óf die weg van die wet. Watter pad kies ons?

Voor hierdie twee paaie stel Paulus sy lesers:

1. die pad van die wet; en
2. die weg van die kruis.

2.1. Die pad van die wet.

In die dae van Paulus was daar onder die Jode twee denkrigtings. Ons kan ook maar sê: Daar was twee teologiese skole. Wat die twee groepe van mekaar onderskei het, was hulle opvatting in hoeverre 'n mens die wet moet onderhou om te kan salig word.

Aan die eenkant was daar die skool van 'n sekere Hillel. Hierdie skrifgeleerde en sy leerlinge was nie so streng nie. Hulle het geleer: Solank jy maar 51% van die wet onderhou, dan kan jy seker wees van jou toegang in die toekomstige wêreld. Hulle het ook graag die beeld van 'n weegskaal met twee bakkies gebruik om hulle idee duidelik te maak. In die een bakkie was jou sondes, d.w.s. jou wetsoortredings en in die ander jou goeie werke, d.i. jou gehoorsaamheid aan die wet. En nou moet jy sorg dat daar darem net meer goeie werke in die een sal wees as wetsverbreking in die ander. Dus, as daar maar 51% goeie werke is en nie meer as 49% wetsverbreking nie, sal die skaal in jou guns swaai. Dan kan jy seker wees van toelating in die ryk van die Here.

Naas hierdie skool van Hillel was daar egter ook die strengere skool van Shammai. Hy het sy leerlinge ingeprent: Selfs al hou jy die wet van God vir 99%, is jy tog 'n mislukking en nie voor God aanvaarbaar nie.

Teenoor hierdie twee skole van die Jode, staan daar nog 'n derde: die van Paulus. Of laat ek liever sê: die teologiese skool van die Heilige Gees. Want immers: Paulus kom nie met sy eie gedagtes nie, maar in wat hy skryf, is hy geïnspireer deur die Gees van God. Die leer van hierdie kweekskool vind ons in die Bybel. Daar het u die leerplan van God. Hy is die groot Leerreder van hierdie skool. Wat eis Hy dan van ons ten opsigte van die wet? Nie 51% nie. Ook nie 99% nie. Ja, selfs nie 99,9% nie, maar 100% sê Paulus. En hy bewys dit uit die Bybel van die Jode, uit die Ou Testament, Deut.27:26: "Vervloek is elkeen wat nie bly in **ALLES** wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie(Gal 3:13)".

Wie hierdie weg kies, moet dus weet: God verwag van ons 'n volmaakte onderhouding van sy wet. Wie dit nie doen nie, is vervloek. D.w.s. so iemand, wat nie elke gebod onderhou nie, word uitgebanaam uit die koninkryk van die hemele.

Wat is die slaagsyfer in hierdie skool? Dit sê die apostel ook: 0%!! "Want **ALMAL** wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek" (Gal 3:10).

Dit is anders as die skool van Shammai, wat ook 100% eis. Shammai se skool het nog gemeen: die mens kan. Maar die skool van die Gees leer: die mens kan nie. **ALMAL** is onder die vloek van die wet.

Maar waarom skryf Paulus dit alles aan die Galasiërs? Hulle wou Christus plus die wet vashou, die pad van die wet en die pad van die kruis. Maar dit kan nie, sê Paulus. Hierdie twee paaie kan nie gekombineer word nie. Geloof beteken juis om heeltemal af te sien van jou eie werke en om te steun op Christus alleen. Daarom is dit die een of die ander: wetswerke of geloof. Wie selfs net gedeeltelik die wet bly vashou, laat daarmee Christus los. Dit is óf die weg van deur die geloof alleen óf deur die pad van die wet alleen.

En wie langs die pad van die wet hemel toe wil gaan, moet weet: God eis van ons 100%. En wie is daartoe instaat? Niemand nie, want selfs die allerheiligste se beste werke is met sondes bevlek en selfs ons beste werke is 'n wegwerplike kleed voor die aangesig van God.

Watter weg moet ons dan volg om in die ewige paradys te kom?

2.2. Die weg van die kruis.

Een ding is seker: God sien nie af van sy eis dat vir die sonde betaal moet word nie. Sy woord bly geld: "Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie". En wie van ons sondig nie?

Maar hoe kan ons dan gered word? Dit openbaar God aan ons in vers 13: ***Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word.***

Die woordjie ***loskoop*** is besonder betekenisvol. In daardie tyd is slawe op die slawemark losgekoop deur 'n losprys vir hulle te betaal.

Agter die woord ***loskoop*** sit dus die gedagte van 'n prys wat betaal moes word. Dit het Jesus iets gekos. Nee, dit het Hom alles gekos. Want hoor maar wat was die losprys: Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet ***deur vir ons 'n vloek te word.*** Sy vloekdood was die betalingsmiddel.

Waar kom Paulus daaraan dat Christus se kruisdood 'n vloekdood was? Dit bewys Paulus weereens uit die Bybel en met name Deuteronomium 21:23 waar ons lees: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang". Iemand wat aan 'n hout gehang is, of hy nou dood of lewend was, was uitgeban. So iemand het letterlik tussen hemel en aarde gehang. Die aarde wou hom nie hê nie en die hemel ook nie. Die aarde het hom uitgespuug. Die hemel wou hom ook nie ontvang nie. So het dit gegaan met 'n verbondsverbreker wat die heilige wet van God met sy voete vertrap het. En dié lot het Jesus Christus getref. Hoewel Hy die wet van God volmaak vervul het, is Hy by die misdadigers gereken. Hy het ONS vloek gedra en as straf op ons sondes het Hy die helse smarte gely. Hy het gaan staan waar ons moes staan: buite die ryk van God. Hy was afgesny van sy Vader oor ons ongeregtighede.

Ons moet tog nooit oor die woordjies ***vir ons*** lees nie. Dit beteken: In ons plek. Of anders gestel: Ons het die vloekdood verdien, maar Hy het dit in ons plek gedra. Hier, sê die hervormer, Martin Luther, vind 'n wonderlike ruil plaas. Die Seun van God ruil plekke met ons. Hy dra die Godverlatenheid wat ons dubbel en dwars verdien het.

As ons nog nie geleer het om met ons hele hart te sê: vir ons, vir my nie, dan begryp ons van Golgota niks nie. Ons almal moet so ver kom om te sê: Jesus het gesterf en Hy het dit ook vir my gedoen. Dit is oor my sondes en my ongeregtighede dat Hy daar gehang het. Dit is my wetsverbreking wat hom aan die kruishout vasgenael het. Deur my sondes moes Hy die allerverskriklikste vloekdood sterwe en moes Hy dit in onbeskryflike doodsangs uitkreeu: My God, my God, waarom het u my verlaat?

Ons sien in die dood van Christus die onpeilbare diepte van die sonde: **Só erg** is dit, dat dit die vloek van God verdien. Maar ons sien in die dood van Jesus eweneens die onpeilbare diepte van God se genade: **Só groot** was sy genade, dat God sy eie, liewe Seun gegee het om so te ly en te sterf.

Dit moet ons ootmoedig, klein voor God maak, maar ter selfdertyd so diep, oneindig diep dankbaar. Dat die Seun van God met ons plekke wou ruil, moet ons harte vervul met verwondering en vreugde. Dit hoort by 'n ware geloof. Ons geloof is dikwels so net verstandelik, so yskoud. Die kruis gryp ons so min aan. Maar dit is nie reg nie. Dit moet ons met ontroering vervul dat God bereid was om so 'n duur prys vir ons lewe te betaal, dat God

sy eie, dierbare Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het in die dood. En wat 'n dood was dit nie, die vloekdood van die kruis.

Maar hoe kry ons deel aan hierdie grootse wonder waarvan Paulus skryf? Deur die geloof alleen. Deur die hele hoofstuk heen word dié twee dinge teenoor mekaar gestel: die geloof en die wetswerke. "Abraham", sê Paulus, "het in God geglo en dit is hom tot geregtigheid gereken." D.w.s.: Vader Abraham het die geregtigheid, die vryspraak deur die bloed van Christus, langs die weg van die geloof ontvang.

U moet dit goed begryp: Geloof is nie 'n werk nie, maar daarmee vat ons die kosbare juweel, Jesus Christus, sê Luther. Geloof is die leë hand van die bedelaar, wat gevul moet word met die aalmoes, die genadegawe van die werk van Christus. Die geloof is slegs die hand waardeur ons Christus vir onself toegeëin het. Dit is nie die hand self wat ons red nie. Dit wat IN daardie hand is, bewerk die verlossing. In die geloofshand is die bloed van die Lam. In die hand van die geloof is die evangelie van Jesus wat ook om my ontwil 'n vloek geword het.

Nou moet ons ten slotte ook kyk na die vrug van die kruislyding van ons Heiland. Wat ontvang ons daardeur? Die LEWE, sê Paulus in v.11, "die regverdige sal uit die geloof lewe". Met hierdie lewe bedoel hy nie bloot maar die fisiese lewe, dat ek hier op aarde sal rondloop, dat my hart sal kloep en dat ek sal asemhaal nie. Nee, lewe sê hier: lewe in die lig van God se vriendelike aangesig, lewe onder die seënende hand van God. In v.14 beskryf Paulus hierdie lewe so: Christus het vir ons 'n vloek geword, "sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang". Met die seën van Abraham word bedoel: God wil ons God wees; deur sy Gees wil Hy in ons woon en al die skatte van sy verbond aan ons skenk. Dit is lewe in die rykste en volste sin van die woord.

Hier is nog so 'n wonderlike ruil: In die plek van die vloek ontvang ons die seën, in plaas van die ewige dood die ewige lewe, die lewe naby God, vir altyd in sy salige teenwoordigheid. Christus sterf, sodat ons kan lewe. Hy sterf die ewige dood, sodat ons die ewige lewe kan ontvang.

3. Slot.

Twee weë is ons voorgehou: die weg van die wet en die weg van die kruis:

- Aan die einde van die weg van die wet staan die helse vloek.
- Aan die einde van die pad van die kruis staan die lewe. Dit is die wonder van die kruis!

AMEN.

Galasiërs nr 9

Lees: Gal.3:15-29

Teks: Gal.3:15-29

Ps's: Ps139:1,2; Ps 51:1,2; Ps 139:3,12; Ps 65:1,2; Ps 65:3,4

1. Inleiding.

Luther skryf êrens: God se natuur is dat Hy uit niks iets maak; daarom, wie nog nie niks is nie, uit hom kan God ook niks maak nie.

Ons moet **eers niks word**. Dit wil sê: ons moet besef dat **ons niks kan bydra** tot ons eie heil nie; ons moet weet dat ons **net deur Christus alleen gered** kan word en nie deur ons goeie werke nie.

Tot daardie besef bring die Here ons deur sy wet.

Ek staan met u stil by die volgende hoofgedagtes:

1. Die wet kan nie deel van die pad tot saligheid wees nie
2. Die wet lei wel ná die enigste pad tot saligheid
3. Die geloof in Christus is daardie enigste pad

2.1. Die wet kan nie deel van die pad tot saligheid wees nie

In die gemeente van Galasië was daar mense wat hulle wetsonderhouding (hulle goeie werke) deel van die pad na die verlossing wou maak. Christus alleen was vir hulle nie genoeg nie. By die geloof in Christus moes ook nog die wet van Moses kom: die wet van die besnydenis, die voedselwette, ensomeer.

In die gelese gedeelte begin Paulus hierdie dwaalleraars nou vanuit 'n ander hoek weerlê. Hy vat die gemeentes terug na Genesis 15, na die geskiedenis van die HERE se verbondsluiting met Abram.

Op 'n sekere dag het die HERE aan Abram verskyn en vir hom gesê: “Tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees”. Dit was dus die HERE se verbondsbefoel aan Abram: So sal jou nageslag wees, soos die sterre van die hemel in menigte. En dan staan daar: “En Abram het in die Here geglo; en God het Abram hierdie geloof tot geregtigheid gereken”.

Heel eenvoudig gestel beteken dit: Net deur te glo het Abram in die regte verhouding met die HERE te staan gekom; slegs deur te glo, het hy erfgenaam van die beloftes van die HERE geword. Daar staan dus nie dat hy nog sekere wette moes hou of aan sekere voorwaardes moes voldoen om die beloftes van die HERE te ontvang nie. Al wat daar genoem word, is: Abram het in God geglo en deur daardie geloof en daardeur alleen het hy die geregtigheid ontvang..

Daarop het die HERE oorgegaan tot die verbondsluiting met Abram. Die HERE het Abram opdrag gegee om 'n vers, 'n bokooi, 'n ram, 'n tortelduif en 'n jong duif te neem. Hierdie diere

moes Abram in twee verdeel en die helftes teenoor mekaar sit. Tussen die helftes was daar dus 'n pad, 'n straat van bloed. As kind van sy tyd het Abram presies geweet wat hierdie seremonie beteken: die HERE wil 'n verbond met my sluit. So is verbonde immers in daardie dae gesluit. Die twee partye wat met mekaar 'n verbond gesluit het, het dan beide tussen die in stukke gesnyde diere deurgeloop. Daarmee het elkeen gesê: Ek neem die eise, die voorwaardes, die wette van die verbond op my; ek mag soos hierdie diere in stukke gesny word, as ek die voorwaardes of wette van die verbond nie nakom nie. So het dit gegaan met verbondsluitings in daardie dae.

Maar met die verbondsluiting met Abram het daar iets vreemds gebeur: Abram het gelê en slaap en terwyl hy slaap, het die HERE alleen tussen die stukke deurgegaan. Dit is geweldig veelseggend. Wat wou die HERE daarmee sê? Dit: dat Hy alleen die eise, die voorwaardes, die verpligtinge van die verbond op Hom neem. Abram hoef in die verbond heeltemal niks te doen nie. Hy moes net glo. Langs die weg van die geloof alleen het hy die beloftes van God ontvang.

Na hierdie gebeurtenis gryp Paulus terug om die dwaaleraars in Galasië te weerlê. Die apostel gebruik 'n beeld uit die alledaagse lewe: die beeld van 'n testament. Nou weet ook ons: 'n testament wat wettig opgestel en bekragtig is – dit kan jy nie ongeldig verklaar nie. Jy kan dit ook nie verander deur later allerhande voorwaardes en wette daaraan koppel nie. Die testament staan vas. Dit is onveranderlik.

En nou vergelyk Paulus die verbond van die HERE met 'n testament. Wat staan in die HERE se testament? Sy beloftes aan Abraham en sy nageslag. En al wat Abraham gedoen het om deel te kry daaraan, was om te glo. En nou is Paulus se argument dit: Hierdie verbond is soos 'n testament. Dit kan nie ongeldig verklaar word of verander word. Jy kan nie agterna nog 'n klomp wette daarby voeg nie. Wat daarin bepaal is, staan vas.

Maar dit was nou juis wat die dwaalleraars gedoen het: Hulle het aan die testament gaan verander. Hulle het sekere voorwaardes daarby gaan skrywe: die wet van Moses. Eers moet jy die wet van die besnydenis en hierdie en daardie voorwaarde nakom – eers dan gaan die verbondsbloftes in vervulling.

Teenoor hierdie dwaalleer stel Paulus: Die verbond van die HERE is 'n onveranderlike testament. Ook die wet van Moses wat 430 jaar later gekom het, kan nie daarby gevoeg word of in die plek daarvan gestel word nie.

Al wat ons moet doen, is om te glo. Die wet dra nie by tot ons verkryging van die saligheid nie. Dit staan onveranderlik vas in God se testament: Abraham het in God geglo en hierdie geloof is hom tot geregtigheid gereken.

Maar as die wet dan nie deel van die pad na die hemel is nie, waarom het die HERE dan die wet gegee? Wat is die betekenis, die funksie, die plek van die wet dan? Daarop antwoord die apostel:

2.2. Die wet lei ons na die enigste pad tot saligheid

Kom ek vat Paulus se redenasie in vers 19 tot 29 vooraf kort en kragtig saam. Paulus sê: Die wet lei na Christus toe. Die wet doen dit deur ons diep sondigheid bloot te lê en die wet leer ons om na Christus as die enigste weg tot verlossing te verlang.

Kom ons gaan nou dieper op sy argumente in:

In vers 19 sê die apostel: **Die wet is bygevoeg** (by die beloftes van God) **weens die oortredinge**. Daarmee bedoel Paulus: Die wet is gegee met die doel om aan die mens sy oortredings te laat sien, om ons te wys wat in ons hart is. Die wet funksioneer as vergrootglas: 'n Vergrootglas maak nie die vuil plekke meer nie, maar laat dit beter uitstaan en sien. Die bedoeling van die wet is om ons te laat sien hoe deur en deur sondig ons is.

Calvyn sê: Ons sondes is soos 'n dief wat wegkruip in die grot van geveinsdheid. Maar deur die wet stel God ons sondes in die lig.

Die mens leef in die waan dat hy deur sy goeie werke dinge tussen hom en God kan regmaak. Luther beskryf hierdie waan van die mens as 'n groot en vreeslike monster. Om hierdie monster te verbreek en te verbrysel, het God 'n groot en 'n magtige hammer nodig. Daardie hammer is die wet. Die wet is die hammer van die dood, die donder van die hel en die weerlig van die goddelike wraak. Die wet beskuldig ons en onthul ons sondigheid.

Die wet kla ons aan. Die wet funksioneer as publieke aanklaer.

In vers 22 sê Paulus dit nog anders: **Die Skrif het alles ingesluit onder die sonde**. Dit is 'n beeld wat hier gebruik word. **Die sonde** word geteken as 'n **tronkbewaarder**. Die wet laat ons sien dat ons ingesluit is onder die sonde. Ons is opgesluit in die tronk van die sonde. Kans op ontsnapping uit hierdie tronk is daar nie. Die mens is magteloos vasgevang onder die mag van die sonde.

Dit spreek dus vanself: Ons kan die wet nie gebruik as 'n middel om self ons verlossing te werk nie. Die wet laat ons sien: ons is so vasgeketting in die boeie van die sonde, dat ons die wet nie kan doen nie. Daarom kan die wet ons nie red nie.

Maar waarom word die wet dan aan ons gegee, as ons die werke van die wet tog nie kan doen nie?

Die doel van die wet is om ons na Christus toe te dryf.

Met behulp van twee beelde verduidelik Paulus hierdie doel van die wet: 1) met die beeld van 'n tronkbewaarder en 2) met die beeld van 'n tugmeester.

1. In vers 23 gebruik Paulus die beeld van 'n **tronkbewaarder**. In vers 22 was die sonde die tronkbewaarder. In vers 23 is **die wet** die tronkbewaarder: **Maar voordat die geloof gekom het, is ons onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word**.

Dit is miskien nie dadelik vir u verstaanbaar nie, maar kom ek verduidelik dit baie eenvoudig aan u: Die mense onder die Ou Verbond het gestaan onder die **bewaring** van die tronkbewaarder genaamd die wet.

Wat doen hierdie tronkbewaarder:

- Hierdie Tronkbewaarder het die mense van die Ou Testament *enersyds* gekeer om te ontsnap op die roete om deur wetswerke salig te word. Want as die gelowiges probeer het om deur wetswerke self hulle saligheid uit te werk, het hierdie Tronkbewaarder

hulle gekeer en vir hulle gesê: "Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie".

- *Andersyds* het hierdie Tronkbewaarder hulle voortdurend op die pad van die geloof gewys. Al die offers van die wet en die bloed van die besnydenis was heenwysings van die wet na die enigste pad van saligheid.

➔ Die wet van die Ou Testament is die beste Tronkbewaarder in die wêreld. Hierdie Tronkbewaarder keer dat ons op die pad van wetswerke begin loop en dit hou ons op die pad van die geloof alleen. Hierdie Tronkbewaarder lei ons na Christus alleen. Om dit nou maar so te stel: Hierdie Tronkbewaarder hou ons gevange by Christus. Hy hou ons agter die tralies van die geloof.

Sien u dat die wet in die Ou Testament pure, suiwer evangelie is?

2. In vers 24 kom Paulus by 'n tweede beeld om die werk van die wet te verduidelik: Die wet is ons **tugmeester** na Christus toe.

In die Romeinse wêreld van daardie tyd het jy tugmeesters gekry. Belangrike mense het hulle kinders in die sorg van 'n tugmeester geplaas. Gewoonlik was dit 'n slaaf. Die werk van hierdie tugmeester was om die kinders na en van die skool lei. Sy hoofsaak was nie om onderrig te gee nie. Hy moes die kinders eerder begelei en toesig hou oor hulle gedrag. Die dissipline wat hy uitgeoefen het, was dikwels hard, sodat diegene wat onder sy toesig was, verlang het na die dag van vryheid.

Die wet vervul die taak van die ou tugmeester: Dit lei ons na die Onderwyser, na Christus toe. Dit doen die wet op die volgende manier: Die wet toon ons ons sondigheid en ons doemwaardigheid. Die wet laat ons sien dat ons onself nie kan red nie, maar deur al die offers van die wet word ons gelei na die enigste een wat ons kan verlos: Christus.

2.3. Die geloof in Christus is die enigste pad

In vers 26 sê Paulus vir die Galasiërs: **Julle is almal kinders van God**. Die **almal** staan daar met nadruk. Met hierdie **almal** word bedoel: nie net die Christene uit die Jode nie, maar ook die Christene uit die ander volkere, uit die heidene.

In die Ou Testament was net die Jode die volk van die HERE en kinders van God. Onder die Nuwe Testament behoort ook ander volke tot die volk van die HERE.

Hoe gebeur dit? Hoe word jy kind van God? Die dwaalleraars het geleer: Eers moet die heidene hulle laat besny. Hulle moet Jode word. Hulle moet die werke van die wet doen. Maar Paulus wys 'n ander pad: die pad van die geloof alleen. Hy skryf: Julle is almal kinders van God **deur die geloof in Christus Jesus**.

En dan kom Paulus by die wonder van die doop: ***Want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus bekleed***. Daarin, wil Paulus sê, in ons doop, lê die bewys, die teken van ons kindskap.

Die woord wat hier vir **doop** gebruik word, beteken soveel as: indompel, onderdompel. Om in Christus gedoop te wees, wys op die nouste verbinding met Christus. Die wat in Hom gedoop word, word heeltemal met Hom oordek word en heeltemal deur Hom deurdring word, soos

iets wat in die water ondergedompel word, heeltemal deur die water oordek en deurdring word. Ons word ingedompel in sy bloed, gewas in sy bloed, heeltemal omgee deur sy bloed.

Wie in Christus gedoop is, het hom **met Christus bekleed**. Of ons nou Jode of Grieke is, ons staan voor die Here met een en dieselfde uniform: met die kleed van Christus se volmaakte wetsgehoorsaamheid. Nou staan ons nie meer voor God met ons sondeklee, met die kleed van ons wetsverbreking nie, maar ons staan voor Hom met die mantel van Christus se heiligheid en geregtigheid.

En dan sluit Paulus af deur te sê: As ons aan Christus behoort, as ons deur die geloof sy eiendom is, dan is ons die nageslag van Abraham. Dan is ons kragtens die belofte ook erfgename. Vir die soveelste keer kom Paulus daarop terug: Ons is nie erfgename kragtens ons wetswerke nie, maar alleen danksy en kragtens daardie belofte. Al wat God van ons vra, is geloof. Deur die geloof alleen word ons erfgename saam met en deur en danksy Christus. Christus is die groot saad van Abraham en wie in Hom is, is ook nageslag, saad, van Abraham aan wie die belofte toekom.

3. Slot

Die hele Ou Testament, die ganse wet met al sy gebooie en seremonies en wette is God se wysvinger na Christus toe. Die wet is 'n dienskneg van die genade. Dit staan in diens van Christus. Die wet dryf ons weg van onself en in die arms van Christus. Ons hoef nie die wet te onderhou om salig te word nie. Ons kan trouens ook nie. Maar Christus is die vervulling van die wet. Deur die geloof in Hom staan ons voor God as wetsgehoorsame kinders en mense wat reg het op die ewige erfenis. Al wat God van ons vra is geloof in Christus wat alles gedoen het.

AMEN

Galasiërs nr 10

Lees: Gal.3:26,27,29; 4:1-7

Teks: Gal. 3:26,27,29; 4:1-7

Ps's: 105:1,2; 81:12; 25:6,7; 105:5,6; 146:3,8

1. Inleiding.

Daardie dag toe u gedoop is, het die Here self so heel, heel persoonlik, so op die man en die vrou af vir u gesê: So en so, **ek doop jou in die Naam van die Vader**. Daarmee het God die Vader as 't ware met sy Vadervinger na ons gewys, sy Vaderhand op ons gelê, ons in sy Vaderhand geneem en vir ons gesê: **Jy** is myne;- Ek wil **jou** Vader wees. Want, sê ons doopsformulier, as ons in die Naam van die Vader gedoop word, betuig en verseker die Vader aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons oprig en ons tot **sy kinders en erfgename aanneem**. Tot sy kinders en erfgename aangeneem - is dit nie geweldig nie? Nou mag ons die groot en almagtige God elke dag - in die nood van ons lewe en in die vreugde van ons bestaan – as kinders en met kinderlike vertroue aanroep: Onse Vader wat in die hemel is.

Ons is kinders en erfgename van God, sê ons doopsformulier. Maar **hoe** het dit gebeur? Is dit deur iets wat **ons** gedoen het dat ons kinders geword het, dat ons sulke ryk erfgename kan wees? En dan wil ek dié vraag beantwoord deur te begin by Galasiërs 4 vers 7 waar daar staan: Ons is erfgename **deur God**. In die oorspronklike staan nie erfgename "deur Christus" nie, maar "deur God". Dit beteken: erfgename deur **God die Vader**. Ons is kinders en erfgename deur iets wat **God die Vader** gedoen het.

En nou moet ons gaan kyk **wat** God die Vader gedoen het om ons as kinders en erfgename aan te neem:

1. God die Vader het sy Seun uitgestuur
2. God die Vader het die Gees van sy Seun uitgestuur

2.1. God die Vader het sy Seun uitgestuur

In **die volheid van die tyd** het die Vader sy Seun uitgestuur. Eeue en eeue het die gelowiges van die Ou Testament op hierdie oomblik gewag dat die Christus sou kom. En toe, toe uiteindelik het daardie groot oomblik aangebreek, daardie oomblik waarna die kinders van God al soveel duisende jare verlang het. Toe was dit so ver dat die uurglas vol geloop het - die uurglas van God. Toe het die tydstop aangebreek wat God die Vader van alle ewigheid af bepaal het. Toe het die uur geslaan op God se horlosie. Dit is wat bedoel word met die volheid van die tyd. Toe het die Vader sy Seun uitgestuur.

Vir **uitgestuur** staan daar 'n woord wat letterlik beteken: uitgestuur met 'n bepaalde opdrag. God die Vader het sy Seun uitgestuur met 'n baie spesifieke opdrag. In vers 4 en 5 word daardie opdrag uitgespel: **Jesus Christus is uitgestuur om gebore te word uit 'n vrou, om gebore te word onder die wet, om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang.**

Jesus Christus, die eie Seun van God, is uitgestuur om **gebore** te word **uit 'n vrou**. Heel eenvoudig gesê beteken dit: Hy is gebore as ware mens. Wié is gebore as egte mens? Dit moet u raaksien: Dit is die eie Seun van God wat gebore is as egte mens! God die Vader het sy **Seun** uitgestuur, Hy wat self ware God is en bly.

Dink u dit in: Hy, die Seun van God, Hy wat bekleed was met Goddelike glorie, omstraal met die aller heerlikste koninklike majesteit, Hy is uitgestuur in die gestalte van 'n dienskneg (Fil.2:6-8). Hy is **uit**-gestuur, uit God se heerlike paleis en in ons ellende in: uit die hoë hemel en in die diepte van die hel. Dit is die diepste konsekwensie van die **uit**-stuur. Die beste uitlegger van Paulus se woorde in vv.4-5 is Paulus self in 2 Kor.8:9: "Want julle ken die genade van onse Here Jesus Christus, dat Hy, alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur sy armoede ryk kan word".

Hy is gebore **onder die wet**, om die wat onder die wet was, los te koop. **Ons** is **onder die wet**. Dit beteken: Ons staan onder die verpligting om die wet te doen en as ons dit nie doen nie, as ons die eise van die wet nie 100% nakom nie, staan ons onder die vloek van die wet. En wie van ons kan ooit die wet volmaak vervul? Daarom is ons **ALMAL** van nature onder die vloek van die wet. Maar hier gebeur 'n wonder: God die Vader stuur **sy Seun** om te gaan staan waar ons staan: **onder die wet**. Hy het in ons plek gaan staan: **Hy** het die eise van die wet in ons plek vervul; **Hy** het die straf van die wet wat ons verdien het, op Hom geneem.

Waarom het die Seun van God gaan staan onder die wet? Om ons **los te koop**, sê Paulus. Daarom moes die Seun van God onder die wet gebore word. Die woordjie "loskoop" is besonder betekenisvol. In daardie tyd is slawe op die slawemark losgekoop deur 'n losprys vir hulle te betaal. Agter die woord "loskoop" in ons teks sit dus die gedagte van 'n prys wat betaal moes word. Dit het Jesus iets gekos. Nee, dit het Hom alles gekos. In Galasiërs 3:13 sê Paulus wat die losprys was: "Christus het ons losgekoop van die van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word". Sy vloekdood was die betalingsmiddel.

"Die **losprys** was u bloed, wat U vir ons gestort het,
 waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het
 en konings in die ryk van onverstoorb're vrede" (Sk.8:2).

En dan kom Paulus by die **doel** van dit alles: Die Seun van God het onder die wet gekom, Christus het die duurste moontlike prys betaal, **SODAT, sodat ons AS VRUG, AS GEVOLG VAN SY UITSENDING die aanneming tot kinders kan ontvang**. Dit moet u nie miskyk nie: Ons ontvang die aanneming tot kinders, nie vanweë iets wat ons gedoen het nie, **MAAR OMDAT DIE VADER SY SEUN UITGESTUUR HET. Om geen ander rede nie**.

Ons ontvang **die aanneming tot kinders**. In die wêreld van daardie tyd was dit heeltemal gewoon dat jong, volwasse seuns van goeie karakter – meestal 'n jong slaaf - deur welgestelde, kinderlose families aangeneem is om hulle erfgename te word. Maar hier gebeur iets onbegryplikes: God neem nie mense met 'n mooi, vroom, goeie karakter aan nie. God die Vader neem mense van sondige karakter aan om sy kinders en erfgename. Hoe op aarde is dit moontlik? Daarop is daar net een antwoord: God die Vader het sy Seun uitgestuur. Daarin lê die geheim en die rede en die enigste oorsaak van ons aanneming tot kinders: in Christus, in die prys wat Hy betaal het, in sy kruis. By daardie prys hoef niks van ons by te kom nie: nie ons vroomheid of ons werke nie, maar net deur daardie prys is ons kinders en erfgename.

By ons doop het God die Vader sy Vaderhand op ons gelê en vir ons gesê: Jy is myne, my kind, my erfgenaam. Maar voordat dit kon gebeur, moes eers iets anders gebeur: **God die Vader** moes sy eie, liewe Seun uitstuur. Die Seun moes 'n prys betaal. Ja, maar moet nie miskyk dat ons verlossing óók die Vader 'n prys gekos het nie: die sending/stuur van sy Seun.

By ons doop lê God sy Vaderhand op ons. Maar voordat dit kon gebeur, moes daardie selfde Vaderhand op Golgota oopgaan en moes daardie selfde Vader sy eniggebore Seun, die kosbaarste en dierbaarste wat Hy gehad het, op die altaar van die kruis gelê. En daarin lê die geheim, die heel enigste geheim waarom God vandag sy hand op ons lê en sê: Jy is my kind. Die kruis is die oorsaak van ons kindskap. Die kruis is die geboortebed van die kerk. Om dit nou maar so te sê: In die hospitaal word u gebore AS **MENSE-KIND**, op Golgota word u gebore as **GODS-KIND**.

God die Vader het sy Seun uitgestuur. Maar die Vader doen ook nog iets:

2.2. God die Vader het die Gees van sy Seun uitgestuur

Hier word weer dieselfde woord gebruik as in die woorde: "God het sy Seun uitgestuur". Ook van die Heilige Gees word die woord **uitgestuur** gebruik: Die Vader het Hom uitgestuur. En ook in hierdie geval gaan dit om 'n uitstuur met 'n bepaalde opdrag.

Die Heilige Gees kry 'n baie spesifieke opdrag van die Vader om te gaan doen. Vers 6 sê vir ons presies wat daardie opdrag van die Heilige Gees is: "**Hy roep: Abba, Vader**". Abba is die Aramese woord vir Vader. In Romeine 8:15 lees ons dit ook: "Julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!" Dít is die werk van die Heilige Gees: Die Heilige Gees leer ons dat ons kinders van God is en Hy oortuig ons om God met vrymoedigheid en sekerheid aan te spreek as "Vader". Ons kan hierby dink aan die gebed, aan die Onse Vader. Die Heilige Gees lê die Vader-Naam op ons lippe. Die Heilige Gees oortuig ons dat ons kinders van God is, dat Hy ons Vader is en dat ons met kinderlike vertroue tot hierdie Vader mag nader in ons gebede.

Maar dit is baie belangrik dat ons **hierdie werk van die Heilige Gees nooit, nooit sal losmaak van die werk van Christus nie**. Die uitstuur van die Seun het alles en alles te make met die uitstuur van die Heilige Gees. Die uitstuur van die Seun en die uitstuur van die Gees is onlosmaaklik aan mekaar verbind. **WANT** deur die uitstuur van die Seun word ons kinders en is ons kinders. En nou is **juis dit die werk van die Heilige Gees: om ons aandag te vestig op die werk van Christus**. Juis daarom noem Paulus die Gees **die Gees van die Seun**. Want die Heilige Gees getuig van die Seun. Die Gees bring die Seun. Die Gees doen niks liewer as om die Seun in ons hart in te dra nie. Die Gees leer ons insien en glo dat ons deur Christus kinders van God en erfgename van die ewige lewe is. Die Gees oortuig ons dat die losprys van Christus voldoende en volkome en genoegsaam is, dat die kruis die waarborg en die sekerheid van ons kindskap is. Die Heilige Gees leer ons om deur en danksy en op grond van die werk van Christus God met vrymoedigheid en sekerheid aan te roep as ons Vader.

Die koms van Christus en die koms van die Heilige Gees, die kruis van Christus en die uitstorting van die Heilige Gees – dit kan nooit van mekaar losgemaak word nie. Op Pinksterdag verkondig die Heilige Gees by monde van die gesante van die Here Jesus Christus Pase, Hemelvaart en Pinkster, dus die werk van Christus. Die werk van die Heilige Gees is om die werk van Christus te verkondig en in te dra in menseharte. Die Gees van Pinkster plant die kruis van Golgota in die grond van ons hart.

Dit is so ontsaglik belangrik dat ons sal sien dat dit **die Gees** is wat roep: "Abba, Vader". Die gebed is 'n deur en deur Gees-telike saak. Dit wil sê: gebed is 'n saak van die Heilige Gees. Die rykdom van die gebed, wonder om God aan te spreek as Vader en om tot Hom te nader as kinders en met kinderlike vertroue – daardie geloof bewerk die Heilige Gees en Hy alleen in ons.

Die Heilige Gees werk so 'n heerlike sekerheid van ons kindskap in ons hart en dit doen die Heilige Gees deur ons aandag te vestig op Jesus alleen. Dit het Luther so skerp raakgesien, want op 'n plek sê hy: Wanneer ek die angste en bedreigings van die wet voel (die aanklagte en beskuldigings daarvan – AHB), dan doop ek my gewete in die wonde, in die bloed, in die dood, in die opstanding en in die oorwinning van Jesus Christus. Buiten Christus wil ek totaal en al niks sien en hoor nie. En dan roep Luther sy hoorders toe: Kleef daarom in al u versoeking en swakheid Christus aan en sug tot Hom. Hy gee ons die Heilige Gees, wat roep: Vader! En hierdie geringe sug is in God se ore 'n aller kragtigste roep en dit vervul hemel en aarde só dat God buiten hierdie geroep niks hoor nie.

En op 'n ander plek sê Luther: As ons verskrik word deur die wet (deur sy aanklagte en beskuldigings) en as die sonde as 't ware bo ons donder, as die dood ons laat sidder en bewe, as die duiwel op die aller gruwelikste wyse brul, dan begin die Heilige Gees in ons harte te roep: Abba, liewe Vader. En hierdie roep van die Gees is veel sterker as die geroep van wet, sonde, dood en duiwel, al klink dit ook hoe geweldig en verskriklik. Die roep van die Gees breek en dring met alle mag deur wolke en hemel heen, kom voor God se ore en word verhoor.

3. Slot

Wat het ons gedoen om kinders en erfgename van God te word? Heeltemal **niks** nie. God het alles gedoen.

God die Vader doen alles. Nog lank, lank voordat ons gebore is, het God alles gedoen wat nodig was: **Hy** het sy Seun uitgestuur en **Hy** het die Gees van sy Seun uitgestuur.

God die Vader doen alles. Nog lank voordat ons gebore was, nog lank voordat ons daarom kon vra, 2000 jaar gelede – toe het God die Vader sy Seun uitgestuur, sodat ons die aanneming tot kinders en erfgename kon ontvang.

God die Vader doen alles. Want watter kind het dit gekies om uit gelowige ouers, verbondsouers, gebore te word. Maar sonder dat ons dit kon kies het God die Vader, om Christus wil, ons gelowige ouers gegee.

God die Vader doen alles. Daardie Godswonder word ook afgebeeld in die wonder van ons doop. 'n Kind wat gedoop word, kan nog nie self vir God kies nie, maar sonder dat die kind daarom vra, lê God sy Vaderhand op daardie kind en Hy sê: Ek doop jou in die Naam van die Vader. Daarmee verklaar God: Ek wil jou Vader wees en ek neem jou aan tot my kind en erfgenaam.

God doen alles.

AMEN

Galasiërs nr 11

Lees: Gal.4:21-31, Genesis 21:1-10

Teks: Gal.4:21-31

Psalms: 43:3,4; 9:7; 1:1,2; 1:3,4; 26:1-3

1. Inleiding

Abraham het twee seuns gehad: Ismael en Isak. Van beide hoor ons in Genesis (17 en 21) dat hulle besny is. Van altwee word dus gesê: Hulle het die teken van die verbond ontvang. Beide hierdie kinders was dus verbondskinders. Albei was lidmate van die kerk van daardie tyd. Immers, die HERE self spreek ook in die sigbare Woord van die sakrament en sê sy beloftes toe.

- En tog, tog het net een van hierdie twee kinders die vervulling van die HERE se beloftes ontvang: Isak. Net een het Kanaän geërf. Net een het die land wat die volle saligheid afbeeld as erfenis gekry: Isak. Twee Abrahamskinders – maar die een erf en die ander erf nie. Die een word aangeneem, maar die ander word verlaat.

Om die groot erns van hierdie geskiedenis te verstaan, moet ons weet: Ons staan in een en dieselfde verbond as Abraham. Ons dra eweneens die teken van die verbond, naamlik die doop. In die plek van die besnydenis het die doop gekom. Maar al verskil die teken, beide besnydenis en doop beeld presies dieselfde af. Ook ons is dus verbondskinders.

- En tog, tog sal nie almal erf nie. Want wanneer Jesus dit het oor die dag van sy wederkoms, dan sê Hy: "Dan sal daar twee op die land wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander word verlaat" (Mt.24:40-41). Ja, ook binne die kerk van die Nuwe Testament vind daar 'n skeiding plaas: verbondskinders wat erf en verbondskinders wat nie erfgename is nie. Die een word aangeneem, maar die ander word verlaat.

Die groot vraag waarom dit draai, is: WIE is erfgenaam van die ewige lewe soos Isak? U begryp sekerlik: Hier het ons met 'n LEWE-nsbelangrike vraag te doen. Ons lewe hang daarvan af. En dan bedoel ek met LEWE **ewige lewe**. Hier is 'n saak van lewe en dood, ewige lewe en ewige dood. Daarom: Wie is erfgenaam van die saligheid wat kom?

2. Inhoud

In die gemeentes van Galasië was dit ook die vraag: Wie is kinders van Abraham? En dan word daarmee bedoel: Kinders van Abraham in dié sin dat jy erfgenaam is van die HERE se beloftes aan Abraham.

Wie is kinders van Abraham? Die dwaalleraars het hulle eie antwoord op hier vraag gehad het. Hulle het die gemeente geleer: Die pad van wetswerke – dit is die weg wat julle moet loop om kinders van Abraham te word. Om kinders van Abraham te wees, moet julle die wet van die besnydenis en die voedselwette en al die ander wette hou, wat die HERE aan sy volk gegee het.

Elke ketter (dwaalleraar) het sy letter. Daarmee bedoel ons: Elke sekte het sy tekste, sy letter, waarop hy hom beroep. Met die Bybel in die hand en met 'n beroep op sekere verse uit die Skrif oorrompel hierdie mense vandag nog mense in die kerk. So was dit ook in die dae van die Galasiërs. Daardie dwaalleraars het na die lidmate toe gekom met die wet van Moses, met die Bybel van daardie tyd. Met die Bybel in die hand het hulle vir die Galasiërs gesê: Hier staan dit tog: Jy moet jou laat besny.

En toe het die tragiese gebeur: Die Galasiërs het begin val daarvoor: Hulle wou onder die wet wees. Maar dan skrywe Paulus: Julle, Galasiërs, julle wat onder die wet wil wees, sê vir my, ***luister julle nie na die wet nie?*** Kom ek sê vir u heel eenvoudig wat Paulus hier bedoel. Hy sê vir die Galasiërs: Julle en julle dwaalleraars wil so graag onder die wet wees, maar julle luister nie goed na wat die wet self leer nie. Daarom skryf die apostel: ***Luister julle nie na die wet nie?***

Die dwaalleraars kom na die gemeente met 'n Bybel in die hand, maar dit is 'n halwe Bybel. Paulus kom in die Galasiërs-brief na die gemeente eweneens met die Bybel, maar dan met die hele Bybel. Dit is die verskil. Want hy sê: Hoor julle dan nie wat die wet self sê nie? WANT in daardie selfde wet, wat julle so hoog aanslaan, in daardie selfde wet waarop julle julle beroep – in daardie wet staan ook die geskiedenis van Abraham en sy twee seuns. En in hierdie geskiedenis van Abraham, in die geskiedenis van die geboorte van Ismael en Isak, wil die wet self ons leer dat daar twee maniere is waarop 'n mens kan poog om kinders van Abraham te word: 'n regte manier en 'n verkeerde manier.

En om Paulus se redenasie in die vervolg goed te verstaan, moet ons na hierdie geskiedenis van Abraham gaan kyk.

U weet dat die HERE Abraham geroep het uit Ur van die Chaldeërs en dat Hy aan Abraham die belofte gegee het dat Hy hom 'n groot nasie sou maak (Gen.12:2). Op 'n aand het die HERE hierdie belofte herbevestig. Hy het Abraham die sterre van die hemel gewys en gesê: So sal jou nageslag wees (Gen.15:5).

Maar ag, dit was vir Abraham en Sara so moeilik om die belofte te bly glo. Reeds aan die begin van die geskiedenis van Abraham staan: En Sara was onvrugbaar. Menslikerwys gesproke was dit onmoontlik dat sy kinders kon kry. En toe die vervulling van die belofte maar uitgebly en uitgebly het, het Sara op 'n dag vir Abraham gesê: "Jy weet, die Here (sy beroep haar op God se werke!) het my nie toegelaat om moeder te word nie. Gaan tog in by my slavin (by Hagar); miskien sal ek uit haar gebou word. En Abram het na Sarai geluister" (Gen.16:2). En Hagar het vir Abraham 'n seun gebaar, Ismael (Gen16:15).

Dit is 'n diep tragiese geskiedenis. **Hier is nie die HERE aan die werk nie.** Hier is dit nie die HERE wat deur die krag van sy beloftewoord die groot nageslag, die kerk, laat kom nie. **Hier is die mens aan die werk.** Die mens self – Abraham en Sara -, ja die mens self sal nou sorg dat daar 'n groot volk kom, die mens met sy werke, met sy planne. Teenoor die werke van die HERE staan die werke van die mens. Dit is wat Paulus bedoel wanneer hy sê: Ismael is gebore ***na die vlees***. Daarmee sal die apostel ook sekerlik gesinspeel het op die feit dat Abraham nog nie verstorwe was nie. Al was Sara onvrugbaar, Abraham was nog nie. Die mens, vlees, kon dus nog met sy werke, met sy planne, sorg dat daar 'n nageslag kom – al was dit dan ook deur die slavin.

Maar kyk nou hoe het dit gegaan met die geboorte van Isak: Hier is nie mense aan die werk nie. Hier werk die HERE alleen. Hier was vlees totaal en al uitgeskakel. Nie alleen Sara was op daardie stadium verstorwe nie, maar, sê die Bybel, ook Abraham was verstorwe, onvrugbaar (Rom.4:19; Heb.11:12). Menslikerwys gesproke was dit nou heeltemal onmoontlik dat daar nog 'n nageslag kon kom. Die mens en sy werke was dus radikaal, totaal en heeltemal uitgeskakel. Hierdie geboorte was deur en deur 'n Godswonder. Dit was uitsluitlik die HERE se werk. Die HERE het sy belofte van 'n nageslag vervul. Daarom verklaar Paulus: Die geboorte van Isak was **deur die belofte**.

En later in Genesis dan hoor ons: Nie die kind van die **slavin** Hagar erf nie, maar wel die kind van Sara, die kind van die **vrye**. Isak, die kind van die belofte, is die erfgenaam, nie Ismael, die slawekind, nie.

En dan begin Paulus om hierdie geskiedenis toe te pas op sy tyd. Hy sê: In hierdie Hagar-Sara-geskiedenis het ons 'n afbeelding, 'n profesie. Hierdie twee vroue beeld iets af, iets van die hoogste en uiterste belang nie alleen vir die gemeente van Galasië, maar ook vir die kerk van alle eeue. Wat beeld hulle af? ***Twee verbonde***, sê Paulus. Hagar beeld 'n werkverbond af. Sara daarenteen is 'n afbeelding van die genadeverbond.

Die apostel begin by Hagar, die slavin. Sy verteenwoordig die verbond wat die HERE op die berg Sinai gegee het. In Eksodus 20 kan u lees daarvan. Daar hoor ons dat die HERE sy wet, sy Tien Gebooe, aan sy volk gegee het. Maar nou moet ons tog goed verstaan wat Paulus hier bedoel, wanneer hy sê: Hagar beeld die verbond van Sinai af. Ons moet begryp: Die Sinai-verbond was nooit deur die HERE bedoel as werkverbond nie. Die dwaalleraars in Galasië het daarvan 'n werkverbond gemaak. Hulle het die wet van Sinai so gaan verdraai dat hulle daarvan 'n middel in die hand van die mens gemaak het om self sy saligheid uit te werk. Dit is hierdie verdraaide weergawe van die Sinai-verbond wat Hagar afbeeld. In die Hagar-geskiedenis sien ons mos die mens aan die werk, die mens wat met sy werke en planne God se beloftes in vervulling wil laat gaan.

Vervolgens gaan die apostel 'n stap verder met sy vergelyking. Hy gaan dit nou toepas op die kerk van sy tyd: Hagar, sê hy, ***kom ooreen met die teenswoordige Jerusalem en is met haar kinders saam in slawerny***. Met die ***teenswoordige Jerusalem*** en ***haar kinders*** bedoel hy: die Jode wat Christus verwerp het, maar ook die dwaalleraars van Galasië wat aan Christus alleen nie genoeg het nie.

Die Jode en die dwaalleraars in Galasië het gedink dat hulle deur hulle streng onderhouding van die wet die weg na die beloofde land kan oopwerk. Hulle is egter verkeerd, want die berg Sinai is in **Arabië**. Dit is in die woestyn en nie in Kanaän, nie in die beloofde land nie. Met die pertinente vermelding dat die berg Sinai in Arabië lê, wil Paulus sê: Hierdie Sinai-verbond bring ons nie by ons bestemming nie. Dit bring ons nie in die beloofde land nie. In die spieël van die Hagar-geskiedenis moet die dwaalleraars van Galasië en almal wat soos hulle dink hulleself sien.

Hagar beeld die werkverbond af. Sy weerspieël die teenswoordige Jerusalem. Maar teenoor die teenswoordige Jerusalem staan 'n ander: die ***Jerusalem daarbo***. Daarmee word die kerk bedoel. Sy is moeder van ***ons almal*** - ons almal wat net soos Isak erfgename van die belofte is. Jerusalem daarbo, moeder kerk – sy baar erfgename.

Moeder kerk lyk sprekend op moeder Sara. In die spieël van die geskiedenis van moeder Sara kan moeder kerk haarself sien. Nou weet u: Moeder Sara kon nie, kon ten ene male nie geboorte skenk nie. Menslikerwys gesproke was dit onmoontlik. En tog het sy 'n erfgenaam gebaar. Hoe op aarde is dit moontlik? Alleen deur die krag van die HERE se beloftewoord. En so gaan dit ook vandag met moeder kerk. Sy bring kinders in die wêreld, mense wat erfgename is van die ewige lewe. Maar hoe op aarde is dit moontlik? Alleen deur God se beloftewoord. En hoe lui daardie beloftewoord? Glo in Jesus Christus en jy het die ewige lewe. Hier is geen enkele sprake van mensewerke en menslike inspanning nie, maar alleen van God se werk in Christus.

Daarby haal Paulus Jesaja 54 aan. Jesaja sien moeder kerk as 'n onvrugbare vrou. Daarmee bedoel hy: Sy en haar kinders is in ballingskap. Dit beteken: Hulle is buite die erfenis. Dit het hulle verdien deur hulle sonde. Daar is ook nie 'n manier waarop hulle die land ooit sal erf as dit van hulleself afhang nie. Want wat die kategismus leer, geld ook van hulle: Ons maak ons skuld net meer. Menslikerwys gesproke is dit dus onmoontlik dat Israel kan terugkom in die erfland, dat daar kinders, erfgename, kan kom. Ewemin as wat 'n onvrugbare kan baar. Maar daar gebeur 'n wonder: Die onvrugbare kry opdrag om te juig, want sy sal 'n menigte kinders, erfgename, baar. Hoe op aarde is dit moontlik? Die geheim moet ons gaan soek in die vorige hoofstuk, Jesaja 53. Daar word die lyding van Christus voorspel: Die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom. En dan staan daar in Jesaja 53:10 die veelseggende uitspraak: “As sy siel ‘n skuldoffer aangebied het, sal Hy ‘n nakroos sien”- deur sy skuldoffer sal daar 'n nageslag wees. Dit is die geheim. Sy offer bring 'n nageslag.

Isak erf, maar Ismael mag nie erf nie. Arme Ismael. Was hy dan nie 'n verbondskind nie? Was hy dan nie 'n lidmaat van die kerk nie? Ja, hy was, maar nogtans mag hy nie erf nie. Waarom nie? Want Ismael het met Isak **gespot**, sê Genesis 21. Daarom het Sara vir Abraham gesê: "Jaag hierdie slavin en haar seun weg, want die seun van hierdie slavin mag nie saam met my seun Isak erwe nie" (Gen.21:10). En die HERE het Sara se woorde goedgekeur (Gen.21:12). Was dit wat Ismael gedoen het dan so erg? Ja, dit was baie erg. Dit was meer as net gewone spot. Eintlik staan daar in Genesis 21 **lag, uitlag, minagtend, spottend lag**. Ismael het Isak uitgelag. Ismael was toe oud genoeg, ongeveer sewentien jaar (vgl. Gen 16:16 met Gen 21:5), om iets te weet en te verstaan van die belofte van God aangaande Isak; maar hy het dit geminag. Eeue later, in Galasiërs 4:29 verklaar Paulus hierdie spotlag. Hy sê: Ismael het Isak vervolg. In Ismael se optrede het sy haat teen die HERE en sy beloftes tot openbaring gekom. Dit was nie bloot 'n Isak-haat nie, maar 'n Christus-haat. En daardie selfde haat, daardie selfde vervolging, sien Paulus ook in sy dae by die Jode wat Christus verwerp en by die dwaalleraars wat aan Christus alleen nie genoeg het nie. Daarom verklaar Paulus: Soos Ismael Isak vervolg het, so is dit nou ook. Maar dan gaan Paulus verder en hy haal die Godswoord van Sara aan en hy sê van almal wat aan Christus alleen nie genoeg het nie: Werp hulle uit; werp die slavin en haar seun uit, want nooit mag die seun van die slavin saam met die seun van die vrye erwe nie. Hierdie dwaalleraars met hulle Christus-plus-my-goeie-werke-leer mag nie erf nie. Hulle is Ismaeliete.

3. Slot

Isak erf, Ismael erf nie. Die een word aangeneem, die ander word verlaat. En hierdie geskiedenis herhaal hom deur die eeue in die kerk.

Wie erf dan wel? Die wat nie steun op hulle eie werke nie, maar hulle wat deur die geloof steun op God se beloftes alleen. Die wat uitsluitlik steun op die werk van Christus aan die kruis.

Moeder kerk baar kinders. Maar hoe? Deur die beloftewoord. Deur die woord van die kruis. Wat moet moeder kerk, wat moet u en ek dan vandag doen? Die woord van die kruis bring hier in die kerk en daar by die huis. En deur die kruisevangelie skep God 'n kerk – sonder ons en deur die werk van sy Seun alleen. AMEN

Galasiërs nr 12

Lees: Gal.5:13-26

Teks: : Gal.5:16, 24-25

Psalms: 116:1,10; Geloofsbelydenis; 87:1-2; 87:3-5; 133:1,2

1. Inleiding

Ek wil vandag preek oor **menseverhoudings**.

Ons hoef maar net rondom ons te kyk en die koerante te lees. Dan sal ons met ons eie oë sien in watter toestand menseverhoudings is. Mense maak oorlog met mekaar, vermoor mekaar, verdruk mekaar, twis met mekaar, haat mekaar.

Daarom het die heidense wysgeër **Seneca** eenmaal geskryf: Die een mens is vir die ander 'n wolf. Daarmee het hy bedoel: Mense is daarop uit om mekaar te vernietig.

So sien menseverhoudings daar uit – **in die wêreld**. Maar – **hoe lyk dit in die kerk?** Helaas dikwels nie veel beter nie. Paulus het in die gemeente van Galasië ervaar presies dit waarvan Seneca geskryf het: Die een mens is vir die ander 'n wolf. Want in vers 15 sê die apostel: "As julle mekaar byt en opeet, pas op dat julle nie die een deur die ander verteer word nie". Dit gee ons nie 'n mooi beeld van die kerk aldaar nie: lidmate wat soos wilde diere mekaar aanval, verskeur en verslind. Dit is so oneindig tragies. Ook in die kerk geld die woord van Seneca so baie kere: Die een mens is vir die ander 'n wolf. Ons is daarop uit om mekaar te vernietig en te verteer met ons liefdeloosheid, met ons getwis, met ons geskinder, met ons woorde.

Hoe op aarde is dit moontlik dat dit liefdeloos daaraan toe kan gaan ook in die kerk? Die apostel gee ons daarop die antwoord in vers 13: Julle is tot **vryheid** geroep, broeders; misbruik net nie julle vryheid as 'n aanleiding vir julle sondige geaardheid nie. Paulus laat val daar 'n baie belangrike woord: vryheid – julle is tot vryheid geroep. Daarmee bedoel hy: Julle is vry van die slaweheerskappy van die wet. Dit wil sê: Julle is vry van die wet as manier om self, deur wetswerke, julle verlossing te verdien. Christus het julle vrygemaak van die wet, want Hy het in julle plek alles gedoen wat die wet van julle vra: Hy het die straf van die wet gedra en Hy het al die gebooe van die wet in julle plek gehou. Julle hoef nie meer deur wetswerke, deur goeie werke, die saligheid te verdien nie. Dit is wat Paulus bedoel met vryheid.

Maar toe het daar iets baie tragies gebeur: Van die gemeentelide in Galasië het begin misbruik maak van hierdie vryheid. Hulle het begin redeneer: As Christus dan alles gedoen het, waarom moet ek nog die wet hou en my broeder en my suster liefhê. Daar het afguns en stryd en sulke dinge kop uit gesteek in die gemeente. En - dit gebeur vandag nog en juis daarom word ons ook in die Bybel daarteen gewaarsku.

Teen hierdie dwaling gaan Paulus in in ons teksverse en hy doen dit deur:

1. Die gelowiges te wys op die oorlog in hulle en
2. Deur hulle te leer hoe hulle in hierdie oorlog die oorwinning kan behaal

2.1. Die oorlog in ons

In ons lewe as gelowige is daar 'n oorlog aan die gang. Twee vyandige leërs staan in ons harte teenoor mekaar. Paulus noem die twee magte by name. Die een leer se naam is **vlees**; die ander se naam is **Gees**. Die een veg teen die ander met die bedoeling om heerskappy oor ons te kry.

- Enersyds is daar die **vlees**. Dit is ons ou natuur, ons sondige geaardheid. Dit is soos wat ons geword het deur die sondeval. Dit is die ou mens in ons wat nie wil luister na die wet van God nie.
- Andersyds is daar die **Gees**. Dit is die ander leer. Dit is die nuwe mens in ons, die nuwe mens wat staan onder die genadeheerskappy van die Heilige Gees, die nuwe mens wat deur die werking van die Gees die wil van God doen.

Die aktiwiteite van die leer genaamd vlees bly nie verborge nie. Intendeel, Paulus skryf: Die werke van die vlees is **openbaar**. Almal kan dit sien. Ons vlees, d.w.s. ons ou natuur, is verborge en onsigbaar, maar die werke en dade waarin dit tot uitbarsting kom, is nie onsigbaar nie.

En dan noem die apostel 'n hele lys van werke van die vlees: owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge.

Sien ons nie hierdie dinge in ons eie lewe nie? **Toornigheid** – ons word so gou kwaad vir mekaar, dikwels oor onbenullighede. En dan wil ons ook nie vergewe nie. **Tweedrag** – hoeveel twis, hoeveel onenigheid, is daar nie in die kerk nie. **Afgodery** – nee, afgode soos die Israeliete gehad het, bv. Baäl en die Astarte, het ons nie. Maar dit beteken nie dat ons nie afgode het nie. Want vir baie mense het hulle geld en hulle sport hulle afgode geword.

En nou moet ons regtig nie dink dat net party mense in die gemeente vleeslik is en daaraan skuldig is nie. Intendeel, hier is 'n leer wat **in almal van ons** aan die werk is. In elkeen van ons probeer die vlees die oorhand kry. 'n Christen se lewe is een van voortdurende konflik; in ons is 'n onophoudelike oorlog tussen ons vlees en die Gees aan die gang.

En nou moet ons beslis weet hoe ernstig hierdie oorlog is. Want **dit is 'n stryd wat ons ewige wel en wee raak**. Want in verband met die werke van die vlees - die afgodery en twis en sulke dinge - skryf Paulus: **Die wat sulke dinge doen, sal die koninkryk van God nie sal beërwe nie**.

- Daarmee bedoel hy natuurlik **nie** dat net mense wat nooit die werke van die vlees gedoen het, dat net mense wat nie sondig nie, salig sal word nie. As dit die geval was, sou niemand van ons gered word nie, want ons almal struikel dikwels.
- Waaroor dit **wel** vir Paulus gaan is: verset ons ons teen die verkeerde begeertes of nie. Want as ons nie stry teen die verkeerde en as ons ons nie bekeer nie, dan moet ons weet: Ons sal die koninkryk van God nie beërf nie. Dit skryf Paulus vir kerkmense, vir lidmate van die Gereformeerde Kerk van Galasië en vir alle kerke deur die eeue heen.

Daarom is die groot vraag: Hoe kan ons in hierdie doodstryd triomfeer?

2.2. Die oorwinning in hierdie stryd

In verse 16 en 24 kom die uitdrukking "die begeerlikheid van die vlees" en "die vlees met sy begeerlikhede" ter sprake.

Maar dit is nie al nie. Ons kan hierdie twee tekste ook as triomftekste, oorwinningsverse, noem. Want in beide hierdie verse hoor ons hoe ons die oorwinning behaal en kan behaal oor die vlees en sy werke.

- In vers 16 word ons gewys op die werk van die **Heilige Gees**;
- in vers 24 vestig Paulus ons aandag op **Christus** en sy kruis.

Die werk van Christus en die werk van sy Gees – daarin lê die geheim van ons triomf.

1. Kom ons begin by die eerste, by **die werk van die Heilige Gees**.

In vers 16 beveel Paulus: "**Wandel deur die Gees**". En dan voeg hy as belofte daarby: "Dan sal julle nooit die begeerlikhede van die vlees volbring nie". As vrug van die wandel deur die Heilige Gees, sal ons nooit die begeerlikhede van ons sondige geaardheid volbring nie.

"Wandel deur die Gees" – daarin lê die oplossing. Maar wat bedoel Paulus daarmee? Die apostel wil vir ons sê: Ons lewenswandel, dit wil sê ons hele lewe, ons ganse doen en late, moet kom onder die heerskappy van die Heilige Gees. As ons ons so laat beheers deur die Heilige Gees, sal ons - as gevolg daarvan - nooit die begeerlikheid van ons vlees volbring nie.

Deur die Heilige Gees, danksy sy werking, kom daar iets nuuts in ons lewe. In plaas van die werke van die vlees, kom die vrug van die Gees: liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

Dit is opvallend dat die eerste woord in hierdie lysie van die vrug van die Heilige Gees "**liefde**" is. En dan staan daar 'n woord in die Grieks wat gebruik word van die liefde van God en Christus vir die gemeente. Presies hierdie woord kry ons in Efesiërs 5:25, waar daar staan: "Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het". In die oorgawe van Christus aan die kruis sien ons die Goddelike liefde van Christus vir sy bruid gedemonstreer. So moet mans hulle vrouens liefhê – met 'n selfopofferende, goddelike liefde. En so het mense wat wandel deur die Gees, mekaar lief: Waar die Gees met sy liefde kom, verdwyn die toorn en kom daar sagmoedigheid; waar die Gees met sy liefde heers, verdwyn die twis en kom daar eenheid.

Maar nou wil ek u na tweede uitdrukking in ons teksgedeelte vat, dan sal u nog beter verstaan wat bedoel word met die "wandel deur die Gees". In vers 18 het Paulus dit oor **deur die Gees gelei word**. Dit is 'n wonderlike mooi beeld wat hier gebruik word: Die Heilige Gees lei ons soos 'n herder sy skape. En weet u nou hoe lei die Gees ons? Die Heilige Gees lei ons soos 'n herder aan die hand van die groot Herder, Jesus Christus. Die Heilige Gees is die Gees van die Opperherder van die skape. Die Heilige Gees bring ons by Christus en sy kruis, want daar word die oorwinning behaal – daar en nêrens anders nie.

2. Ons kom daarom by die tweede, by **Christus en sy kruis**.

In vers 24 skryf Paulus: "Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede **gekruisig**".

Hoor u die woordjie kruis? Die wat aan Christus behoort, het die sondige vlees gekruisig. Daarmee word die kruis van Golgota bedoel. Op die plek van die hoofskedel het daar iets met ons sondige geaardheid gebeur. Daar is **die vlees met sy ... begeerlikhede gekruisig**.

Paulus gebruik doelbewus die woord kruisiging. Daarmee wil hy iets belangriks - iets van lewensbelang, van ewigheidsbelang - vir ons sê. Daarmee wil hy ons leer: Die doodmaak van ons ou mens, die doodmaak van die liefdelose mens - dit het alles en alles te make met die kruis en met die kruis alleen. Ons oorwinning oor die sonde is vrug van die kruis van Christus. Ons bekering is nie mensewerk nie. Dit is resultaat van God se werk aan die kruis.

Die kruis is die geheim. Hier sien ons: Die werk van die Gees word nie losgemaak van die werk van Christus aan die kruis nie. Deur God se Gees word ons in Christus ingelyf. Die Gees skenk ons die geloof in Christus en sy kruis. En so word ons ou mens saam met Christus gekruisig. As die Gees ons deur die geloof aan Christus verbind, ontvang die ou mens die doodsteek. Hier sien ons hoe die Heilige Gees ons nuwe mense maak en hoe ons deur die Gees wandel. Die Gees doen dit deur die kruis. Deur die kruis word die gelowige van harte gewillig en bereid gemaak om die stryd teen hulle bose luste aan te bind. Die kruis is die sterfbed van ons ou mens en die geboortebed van ons nuwe mens.

In vers 24 sê Paulus wie die mense is wat die vlees met sy hartstogte gekruisig het: Dit is **die wat aan Christus behoort**. Ons kan ook maar sê: Dit is die wat in Christus glo. Dit is daardie mense in die kerk, wat deur die geloof deel het aan sy kruis en sy oorwinning oor die ou mens, die vlees. Dit is die werk van die Heilige Gees, want Hy verbind ons deur die geloof aan Christus en gee ons deel aan Christus.

Ek kom weer terug by die ernstige waarskuwing van Paulus: Die wat voortleef in liefdeloosheid en twis en toornigheid – **hulle sal die koninkryk van God nie beërwe nie**. Hoe kan Paulus dit sê? Omdat juis in 'n liefdelose lewe blyk dat ons nie aan Christus behoort nie; omdat juis in 'n liefdelose lewe blyk dat ons nie saam met Christus gekruisig is nie.

3. Slot

Die Heilige Gees plant ons in in die bodem van Golgota en dan dra die boom vrugte van liefde.

Dit is soos Psalm 1 sê: Die man wat leef by die Skrif, by die kruis, "hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd".

Deur die Woord van die kruis kry die Heilige Gees heerskappy in ons en dan wandel ons deur die Woord van die Gees op die pad van liefde.

Die een mens is vir die ander 'n wolf. Deur die kruis word wolwe verander in dienaars – mense wat mekaar dien deur die liefde.

AMEN

Galasiërs nr 13

Lees: Gal.6:11-18, Romeine 3:21-31

Teks: Gal.6:11, 14

Psalms: 121:1,2; 32:1,6; 20:1-3; 20:4-6; 20:7-9

1. Inleiding

Ons moet ons verlossing heeltemal buite onself in Christus soek - dit is woorde wat ons ook op drie hoogtepunte in ons lewe hoor en gehoor het: by ons doop, toe ons belydenis van geloof afgelê het en dan ook by die nagmaal, 'n driedubbele onderstropping:

- Reeds in die uur van ons doop is dit vir ons gesê: Die doop leer ons om 'n afkeer van onself te hê, om klein te word voor God en om ons saligheid buite onself te soek.
- Die tweede keer was toe ons belydenis gedoen het. Toe is dit vir ons gevra: Is dit jou voorneme om jou saligheid, jou redding, buite jouself in Christus te soek? Daarop het ons ja geantwoord.
- By die nagmaal hoor ons dit vir die derde keer: Ons kom nie na die nagmaal om daarmee te kenne te gee dat ons in onself volmaak en regverdig is nie. Intendeel, juis die teenoorgestelde is waar: ons kom omdat ons ons lewe buite onself in Christus soek, en daarmee bely ons dat ons deur ons misdade dood is.

Wanneer ons na die nagmaalstafel toe stap, is daardie kom van ons na God se tafel toe niks minder nie as 'n geloofsbelydenis. Dit is, om dit nou maar so te sê, 'n dubbele belydenis.

WANT:

- daarmee bely ons eerstens: by onself is die geregtigheid hoegenaamd nie te vinde nie.
- Tweedens gee ons met ons gang na die nagmaalstafel te kenne: ***Ons soek ons verlossing buite onself in Christus.***

Ons saligheid, ons geregtigheid, lê heeltemal buite onself in Christus alleen. In hierdie gedagte word Paulus se boodskap in die Galasiërbrief saamgevat.

Die brief van die Galasiërs is die vingerwysing van God radikaal weg van die mens en sy verdienste en heeltemal na die kruis alleen.

Ek staan met u stil by twee gedagtes:

1. Paulus roem in die kruis alleen
2. Die betekenis van daardie kruis

2.1. Paulus roem in die kruis alleen

In Galasiërs 6 vers 11 begin Paulus met die slot van sy brief. Ons kan dit ook as 'n samevattende afsluiting van die brief beskryf.

En Paulus doen dit op 'n heel besondere manier. Want hy begin sy slot deur in vers 11 te skryf: ***Kyk met watter groot letters ek met my eie hand aan julle skrywe.***

Waarskynlik het Paulus sy briewe deur 'n sekretaris geskryf, maar meermale het hy die laaste paar woorde self geskryf (1 Kor 16:21-23).

Met hierdie ***groot letters*** wat hy ***met sy eie hand*** aan die einde van die brief geskryf het, het die apostel 'n besondere bedoeling gehad. Dit staan nie sommer vir interessantheid daar nie.

1. Daarmee wou Paulus eerstens sê: Hierdie brief kom werklik van my af. Dit is afkomstig van my die apostel, die gevolmagtigde gesant, die boodskapper van die Here. Hierdie evangelie van die kruis en die kruis alleen is daarom beslis nie maar net 'n boodskap van 'n mens nie. Intendeel, dit is die gesagvolle Woord van God, van God self afkomstig.
2. Maar dat hy ook nog met eie hand 'n kort samevatting gee van dit wat hy gesê het, dien tweedens ook as beklemtoning van die groot belangrikheid van die sake wat aangeroei is. Ons kan sê: Hy herhaal in opsomming wat hy alreeds gesê het én hy herhaal met eie hand en dan hy herhaal dit boonop nog in groot letters. 'n Drie-dubbele onderstreping as 't ware – NB, Nota Bene, Let Wel, baie belangrik. 'n Drie-dubbele onderstreping van die boodskap van die kruis en die kruis alleen. 'n drie-dubbele onderstreping van Paulus, maar dit is ook nog meer: dit is 'n drie-dubbele onderstreping deur God self deur die hand van sy gestuurde. Daarmee weet ons so duidelik as wat maar kan kom hoe belangrik hierdie brief en sy inhoud is.

Ons kan vers 14 gerus die kern van sy lewensbelangrike opsomming noem: ***Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus.***

In die voorafgaande vers, vers 13, het hy weer die dwaalleraars genoem. Hulle roem ook. Maar nie in God nie. Hulle roem ook, maar in hulle eie werke.

In vers 14 stel Paulus hom vierkantig teen hierdie eie-roem, teen hierdie roem in die vlees. En hy doen dit baie sterk. Ons kan maar sê: taalkundig ook in ***groot letters***. Want ons kan dit so weergee: Maar wat my betref, maar ék, ék daarenteen, ék roem in iets anders, in Iemand anders, in die gekruisigde Here Jesus Christus. Die ék staan met nadruk voorop. Ons kry 'n baie sterk ontkenning: Maar wat my betref, mag ek ***nooit*** roem ***nie***. Daar is vertalings wat dit vertaal met: mag God dit verhoed. Dit is 'n goeie vertaling, want dit is bedoel as 'n gebed, 'n roep tot God: mag ék nooit iets anders doen nie.

Met ***roem*** bedoel Paulus: om steun op iets, om staat te maak op iets, om op iets te vertrou. Wat my betref, mag ek nooit, nooit op enigiets anders staatmaak vir my verlossing, behalwe op die kruis en die kruis alleen nie. Met hierdie woorde gaan staan hy teenoor die dwaalleraars van Galasië en almal wat by die kruis ook nog hulle goeie werke gevoeg het en met eie hand sê Paulus: nee, net die kruis en niks anders nie, net die kruis en niks van die mens nie.

Skrif-met-Skrif-vergelyking laat ons helder en duidelik sien wat Paulus in ons teks met ***roem*** bedoel. Daarby dink ek eerstens aan Filippense 3:3: "Want óns is die besnydenis, ons wat God in die Gees dien en in Christus Jesus roem en nie op die vlees vertrou nie". In hierdie teks word die woorde "in Christus Jesus roem" nader verklaar met die "nie op die vlees vertrou nie". Om in Christus te roem is om nie op die vlees te vertrou nie. Paulus roem in niks

anders nie, **behalwe** net in die kruis alleen. Dit wil sê: Daarop alleen stel hy sy vertrou. In die roem in die kruis is vertrou op die vlees radikaal en totaal uitgesluit. Christus is die wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing, sê Paulus in 1 Korintiërs 1 vers 30 en 31. Daarom, soos geskrywe is: Die wat roem, moet in die Here roem.

Die woord roem het sy wortels in die Ou Testament. "Sommige roem op strydwaens en ander op perde, maar óns sal **roem** op die Naam van die HERE onse God" (Ps.20:8). Sommige vertrou op perde, magtige krygstuig, maar ons roem, ons vertrou op die Naam van die HERE. En hierdie "Naam van die HERE" sien ons uitgespel in Christus en sy kruis.

Roem is vertrou. Roem is ook prys, lofprijsing van die HERE.

Tot roem en prys van Gods genade,

die grond van ons behoudenis,

sing ons nou van sy reddingsdade

in Hom wat die Geliefde is.

Uit Hom in wie ons nou weer vry is

van skuld, deur sy verlossingsbloed,

in Hom, in wie die heil berei is,

kom seënstroom ons tegemoet. (Skrifberyming 24:3)

Roem is om sy Naam, om die Naam van sy Seun, om sy kruis lofprijsend te vertel.

Ek sal u Naam met dankerkent'nis prys

te midde van die feestelike skare.

Jerusalem, ek hoor om jou altare (...Ja, om jou altare, aan die voet van die kruisaltaar)

Die lofgeluid wat tot Gods eer verrys. (Psalm 116:10)

Tussen die eeue-oue puinhoop van die Colosseum in Rome - daar waar talle Christene deur wilde diere verskeur is - staan 'n kruis. Op die voetstuk staan geskrywe: "Wees gegroet, o kruis, u is ons enigste hoop."

Nee, in die dae van die Christenmartelaars het daardie kruis nie daar gestaan nie. En tog, in figuurlike sin het dit wel daar gestaan. Voor hulle geestesoog het hierdie martelare om Christus wil dit tog sien staan. Hulle het dit aanskou en daaraan krag ontleen. Die kruis het vir hulle gesê: Jesus het alles vir hulle gely het, ter versoening van al hulle sondes en as hulle nou moes sterwe, was die kruis hulle enigste hoop.

Die groot ellende van die kerk van vandag is dat vele nie meer die diepte van hulle sonde en hulle totale onmag en onvermoë om hulself te verlos, ken nie. Daarom ontbreek die verlange na verlossing en is die verwondering oor en waardering vir die kruis soek. Is die kruis ook ons enigste hoop op saligheid of soek ons nog steeds heilssekerheid in iets in onself of in ons kerklidmaatskap?

Paulus roem in die kruis en dan spel Paulus

2.2. die betekenis van hierdie kruis uit:

1. deur die kruis van ons Here Jesus Christus is **die wêreld vir my gekruisig** en
 2. deur die kruis van ons Here Jesus Christus is **ek vir die wêreld gekruisig**
- EERSTENS onderstreep Paulus: Deur die kruis van Christus is die **wêreld vir my gekruisig**

Aan die kruis van Jesus sien Paulus die **wêreld** hang. Die wêreld is vir hom gekruisig.

Om te verstaan wat Paulus hiermee sê, sal ons eers weet wat Paulus met **wêreld** bedoel. Met die **wêreld** bedoel Paulus: alles waarop die mens staatmaak om self sy verlossing te kan verdien: die besnydenis, jou goeie werke, ens. - die dinge buite Christus.

Hierdie wêreld bekoor die mens. Dit het die natuurlike mens in sy greep, in sy mag. Maar nou sê Paulus: **die wêreld is vir my gekruisig**. Dit beteken: Die wêreld se mag oor hom is gebreek. Christus het dit gedoen.

- TWEEDENS beklemtoon Paulus: Deur die kruis van Christus is **ek vir die wêreld gekruisig**.

Ek is gekruisig. Met die **ek** bedoel Paulus: sy ou mens, die mens wat op homself staatmaak vir verlossing, die mens wat nie van God se genade wil leef nie. Dit is die mens wat nog bekoor word deur die gedagtes van die wêreld, wat nog bekoor word deur die gedagtes dat ek myself kan red, dat ek 'n bydrae kan lewer tot my verlossing.

So het Paulus se **ek** gelyk, sy ou mens. Maar sy **ek**, sy ou mens het gesterf aan die kruis. Daarmee het die wêreld sy houvas op hom verloor – deur die krag van die kruis.

‘n Mens vol self-vertroue, 'n man met hande vol wetswerke - so 'n mens was Paulus toe hy op pad was na Damaskus om die Christene te gaan vervolg. MAAR op die Damaskusweg het hy die gekruisigde Jesus ontmoet. Toe, kan ons sê, het Christus hom laat sien hoe niks en niks-werd sy werke is. Want gekonfronteer met die helder lig van God se heiligheid is die wetwerke uit die wetgeleerde, Paulus, se hande geslaan. Toe het hy met leë hande voor God te staan gekom. Maar toe was daar plek vir die kruis. Toe het die Seun van God in Paulus se leë hand sy kruis gelê – die wetswerke van 'n Ander. In die plek van die self-vertroue het die Gods-vertroue, die Christus-vertroue gekom.

Tot voor die Damaskus-episode was Paulus ‘n man wat op eie bene wou staan. Maar op die Damaskus-weg het hy – by wyse van spreke – op sy knieë te land gekom. En op sy knieë het hy gebly vir die res van sy lewe: ‘n bidder, op sy knieë pleitend, biddend om God se geregtigheid in Christus. ‘n Bedelaar voor God, maar daarom ‘n kind en erfgenaam in Christus.

3. Slot

Toe Maarten Luther gesterf het, het hy behalwe sy geskifte wat tot vandag toe nog gelees en bestudeer word, niks anders nagelaat nie as net 'n klein stukkie papier. Daarop het ses woorde gestaan: "Ons is bedelaars, dit is waar". Dit was Luther se geloofsbelydenis, dit was die samevatting van sy lewe, die opsomming van sy teologie.

Ons is bedelaars – mense wat deur Christus alleen, deur die geloof alleen, deur die kruis alleen, gered word.

Ons is bedelaars – brandarm in onself. Dit is waar. Maar in Christus is ons skatryk. Ons is bedelaars – dit is waar. Maar in Christus is ons kinders en erfgename.

Salig is hulle wat arm van gees is. Salig is hulle wat bedelaars is voor God, want deur Christus behoort aan hulle die weelde, die rykdom van die koninkryk van die hemele.

AMEN